
November - Desember 2011

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 10, No. 6 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2010 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# Staan u werklik vir iets?

In hierdie vinnig-bewegende goddelose samelewing behoort elkeen van ons tyd in te ruim om te besluit waarin ons werklik glo – waarvoor ons werklik sal "veg" en indien nodig, sal sterf. Vandag se materialistiese, wêreldse beskawing het 'n byna oorweldigende invloed op die meeste mense wat hulself Christene noem.

Die meeste van ons verwarring of twyfelende geloof lê in die feit dat ons gewoonlik nooit die moeite doen om te bepaal waarin ons *regtig* glo nie. Die meeste mense is "kompromiste" – hulle gaan saam met hul vriende en familie en bekommer hulle nie veel oor waarin hulle werklik glo of waarvoor hulle eintlik staan nie. Hulle is beslis "gawe" mense, maar hulle **staan** nooit werklik **vir** enigiets nie.

Daar was ongetwyfeld miljoene "gawe" mense in Duitsland toe Adolf Hitler in die vroeë 1930's sy opgang na mag begin het. Baie van hulle het heelwaarskynlik nie gehou van Hitler en sy stormtroepe se dierlike taktiek nie. Hulle het egter **niks** daaromtrent gedoen nie. Die gevolg van hulle gebrek aan oortuiging was traagheid – 'n onwilligheid om te stry teen daardie boosheid en te voorkom dat Hitler absolute mag inpalm. Ons ken almal die tragiese gevolge: Wêreldoorlog II – die grootste en mees verwoestende oorlog in die geskiedenis.

Die slagting van die Jode [Holocaust] het plaasgevind as gevolg van gebrek aan oortuiging aangaande basiese ordentlikheid en respek teenoor diegene wat etnies verskillend is. Toe die Nazi's eers in beheer was, het hulle openlik uitvoering gegee aan hulle gesproke dreigemente en ses miljoen Jode en miljoene ander mense vermoor, insluitend Pole, Franse, Dene, Nederlanders, Belge, Slowake en Noorweërs. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die meeste Duitsers ongetwyfeld die grootskaalse moord van onskuldige mense afgekeur toe hulle daarvan te hore kom. Teen daardie tyd was dit egter reeds te laat. Weereens, **waarom** het daardie tragedie plaasgevind? Omdat mense in Duitsland en – in werklikheid – regoor die wêreld, nie duidelik uitbeeld waarvoor hulle staan – en waarvoor hulle **nie** sal staan nie!

Soos ek opgemerk het in my artikel elders in hierdie uitgawe ("Wie se opinie tel?"), raak dit vir baie mense duideliker dat die morele optrede van "goeie kerkgangers" in ons hedendaagse wêreld, nie baie verskil van die res van die samelewing nie. In werklikheid is sommige van dié wat die hoogste vlak van "Christelike" betrokkenheid bely, meer geneig om te skei as wat dit die geval is met ateïste en agnostici, asook om rassevoorkeure te hê. Mense wat hulself Christene noem word al hoe meer **gelykvormig**

aan die wêreld, in plaas daarvan om **ligte** vir die wêreld te wees, in hulle stryd om by te hou te midde van finansiële, morele en persoonlike onrus in hierdie uitdagende tye.

Die lewe word al hoe moeiliker vir die meeste mense in hierdie selfsugtige samelewing – 'n samelewing wat God "die teenwoordige bose wêreld" noem (Galasiërs 1:4). Hoe behoort ware Christene egter te reageer? Die probleme rondom ons behoort ons al hoe meer op ons knieë te dwing en te maak dat ons uit daardie samelewing "wil padgee". Dit behoort ons aan te spoor om werklik die Bybel te bestudeer sodat ons God regtig kan leer "ken" en absoluut **seker** kan wees wat ons glo en waarvoor ons lewens staan. Ons moet weet – en weet dat ons weet!

Alhoewel so baie mense wat hulself "Christene" noem, gewillig is om afgewaterde leerstellings en benaderings te aanvaar wat glad nie Bybels is nie, behoort ons wat ware Christene is, ons ywer vir die volle **Waarheid** te behou. Ons behoort diegene rondom ons te laat weet – eintlik nie net weet nie, maar te laat **sien** ook – dat ons vir iets staan. Dat ons **nie** met die basiese waarhede en gebruike wat in God se Woord geopenbaar word, sal kompromitteer nie. Dat ons volgens hierdie gedragskode sal leef en, indien nodig, volgens hierdie kode sal sterf.

God sê aan ons Sy ware

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – Staan u werklik vir iets?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Wie se opinie tel? 3**
Maak "mag iets reg"? Regeer die meerderheid? Is "kundiges" die mense na wie ons moet opsien vir antwoorde? Ons lewe in 'n wêreld wat uitermate verward is oor gesag. Kom daar 'n einde aan hierdie verwarring? U behoort te weet!

**Vrede op aarde? 8**
Watter Heilige Dag belowe ware wêreldvrede? Die antwoord mag u verras!

**Maria se bruidskat 13**
Soos in die leerstelling van die Hemelvaart van Maria, vereer Rooms-Katolieke in baie nasies Maria tot so 'n mate dat dit die meeste Protestante ongemaklik laat voel.

**Sal Islam Europa verander 16**
Van Keiser na Konstantyn na ... Kalifaat? Wat kan die Skrif en die geskiedenis ons leer oor Europa se toekoms en die opkoms van Islam in die Weste?

**Tekens van Christus se wederkoms 20**
"Daar was nog altyd oorstromings, droogtes en aardbewings", mag skeptici sê. U Bybel onthul egter die tekens om dop te hou, wat aan ware Christene sal wys wanneer Jesus Christus se wederkoms naby is.

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde 23**

**Profesie neem gestalte aan 24**


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org


**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besigheidsbestuurder**
J. Davy Crockett, III

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen



**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIË:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (061) 8 8383 6288
Faks: (061) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 2B9
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303



Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.



© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou


Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Wie se opinie tel?

## Deur Roderick C. Meredith

Die Verenigde State van Amerika ondervind eindelose probleme. Sy ekonomie lê aan skerwe. Tegnies is die nasie *alreeds bankrot* – soos baie ekonome en politici duidelik erken! Wat voorheen "Christelike sedelikheid" genoem was, is feitlik vermink in hierdie verwarde nasie. Amerika se internasionale mag en aansien is die laagste ooit. Daarby is die mense *ernstig verdeeld*.

Oor 'n hele spektrum van basiese kwessies, *stem* Amerikaners *nie met mekaar saam nie* – dikwels ook nie met hul eie regering nie. Oor kwessies van homoseksualiteit en huwelike tussen lede van dieselfde geslag, aborsie, immigrasie en "grensbeheer", die onheilspellende opkoms van Islamitiese ekstremiste reg in ons midde, die virtuele regering wat groot seksies van die ekonomie, gesondheidsdiens en onderwys oorneem – nou selfs belangrike aspekte van die media en "vryheid van spraak" ook – is die federale regering toenemend besig om die V.S.A. op maniere "oor te neem" en te bedryf wat vir baie mense meer lyk na 'n sosialistiese of kommunistiese staat as na die "land van vry mense" waarin hulle grootgeword het. Bekommernisse oor die regering se inmenging in die private godsdienstige en morele lewens van Amerikaners veroorsaak toenemende onrus en selfs vrees onder baie gemiddelde Amerikaners.

*Wat gaan aan? Wie* is in beheer? In die laaste instansie, *wie se opinie tel?*

Selfs terwyl ek hier skryf, woed die debat in die media oor die manier waarop een aktivis-regter in Kalifornië die wense van 'n meerderheid kiesers in Kalifornië omvergegooi het oor die kwessie van huwelike tussen lede van dieselfde geslag! Hierdie aktivis-regter, en baie ander soos hy, probeer om die waardes waaraan lank reeds vasgehou word, te ondermyn deur die instelling van die huwelik te definieer – 'n instelling wat oor die laaste 6,000 jaar die ware *grondslag* van elke ordentlike samelewing was.

My plaaslike koerant definieer die huwelik só: "Die huwelik is 'n band tussen twee persone wat belowe om mekaar lief te hê en lewensmaats te wees" (*Charlotte Observer*, 8 Augustus 2010). Is *dit* die werklike definisie van die huwelik?

Wie het inderdaad die gesag om so iets te definieer? Eerlikwaar, dit is waarop die hele saak neerkom. Presies wie het die gesag om te **bepaal** wat goed en kwaad, reg en verkeerd, asook wat die regte **manier** is waarvolgens mense moet lewe en onderling moet verkeer?

**Wie is die werklike gesag?**

Vir meer as 200 jaar het die meeste Amerikaners aan hul land gedink as 'n "Christelike nasie". Nogtans, soos honderde waarnemers en talle artikels deur gerespekteerde skrywers op die gebied van godsdiens uitgewys het, stem ons woorde **nie** ooreen met ons dade nie. Ons mag *sê* dat die God van die Bybel die ware God is. Nogtans "gooi" ons herhaaldelik hele gedeeltes van die Bybel uit indien die leringe daarin nie ooreenstem met ons eie persoonlike opinies nie. Of u dit besef of nie, hierdie *algehele distansiëring* van die God van die Bybel as **die gesag** ten opsigte van ordentlike gedrag **–** beide in die openbaar en privaat **–** sal binne die volgende paar jaar 'n **diepgaande** uitwerking op ons almal hê. In werklikheid het dit *alreeds 'n verskriklike uitwerking*.

Amerika is in die moeilikheid – nie net as gevolg van verskille tussen politieke partye nie. Nie net as gevolg van botsende filosofiese idees aangaande homoseksualiteit, aborsie, of die feit dat die regering inbreuk maak in meer en meer aspekte van ons daaglikse lewens nie. Aan die einde van die dag kom dit daarop neer of mense se persoonlike opinies – of daardie mense nou ookal regters, wetgewers of predikante is – die uiteindelike owerheid is om oor die grondslag van 'n lewensvatbare samelewing te besluit.

Die geskiedenis, gesonde verstand en praktiese ondervinding – sowel as die duidelike woorde van u Bybel – sê almal: "Nee!" Hierdie menslike owerhede behoort nie arrogant aan te neem dat hulle die laaste sê het nie. Daar is 'n hoër, absolute gesag van wie ons ons definisies van sedelikheid en die regte lewenswyse moet verkry – of dit nou indiwidueel of gesamentlik is – indien ons graag vrede en vooruitgang in ons nasies wil hê!

Die Skepper wat aan ons lewe en asem skenk, het aan die mensdom ongeveer 6,000 jaar gegee om die lewenslesse te *leer* wat volg wanneer die mensdom sy eie weg volg en die gevolge daarvan ly. Die meeste mense sal hierdie lesse nie werklik *leer* tot baie later nie – maar dit is 'n ander storie. Binnekort, nadat daardie 6,000 jaar verstreke is, sal God Jesus Christus terugstuur na hierdie aarde om die arme, verwarde mense te *red*, wat as enkelinge of gesamentlik van die God van die skepping verwyderd is en hul eie idees uitgetoets het – bykans altyd lynreg teen dit wat die Skepper so duidelik openbaar het. Soos die geïnspireerde Skrif dit stel: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood" (Spreuke 14:12).

Neem as voorbeeld, wat *is* die *ware* definisie van 'n huwelik? Is dit slegs – soos my plaaslike koerantartikel dit stel – 'n "band tussen twee persone wat belowe om mekaar lief te hê en lewensmaats te wees"? Dit is sekerlik *deel* van die definisie. Indien u egter die hele Bybel lees, is dit duidelik dat die Skepper Self die huwelik ingestel het en dat Hy – die grote God – mense *saambind* in 'n verhouding wat *Hy* bepaal het om twee belangrike doelwitte te verwesentlik:

1. God het gesê dat dit nie goed is dat die man alleen is nie. Die huwelik tussen 'n man en 'n vrou – volgens hulle fisiese en psigologiese samestelling geskape om mekaar op talle maniere aan te vul – is vir hulle sowel as die hele gemeenskap onmeetbaar voordelig en verskaf aan hulle meer vreugde.

2. God het dit ook duidelik gemaak dat 'n *tweede* groot doelwit van die huwelik voortplanting is. Let op hierdie geïnspireerde woorde van God se opdrag oor hierdie faset van die huwelik: "Het Hy dan nie *een mens* gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? *Hy het 'n* **geslag** *van God gesoek*. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie" (Maleagi 2:15).

Ons einste Skepper het die man dus volgens Sy ewebeeld gemaak en toe gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas" (Genesis 2:18). Om die "hulp" vir Adam te maak wat hom fisies, geestelik en emosioneel sou aanvul, het God 'n pragtige *vrou* geskape. Hy het haar na Adam geneem en gesê: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees" (Genesis 2:24).

Wanneer mense eers hierdie eenvoudige maar basiese begrip van *waarom* ons manlik en vroulik geskape is en *waarom* die huwelik in die eerste instansie bestaan, uit die oog verloor, raak ons betrokke in allerhande soorte verwarring, verdriet en selfs siektes. 'n Bespreking oor die opwelling van die VIGS-epidemie onder die homoseksuele gemeenskap mag sekere mense ongemaklik laat voel. Hierdie gevreesde siekte hou tog toenemend aan om te versprei, onder die Amerikaanse homoseksuele gemeenskap wat meer "onbeskermde seks" beoefen as in vorige jare omdat hulle sien dat hul mede-homofiele nog baie jare leef deur "mengeldrankies" van duur medikasie te gebruik wat baie van die simptome van hul VIGS afweer. Aangemoedig deur inname van klein hoeveelhede medisyne, waag hulle groter en groter kanse om hul bloot te stel aan hierdie verskriklike siekte, eenvoudig uit 'n verwronge begeerte om "pret te hê".

Natuurlik, wanneer mense hul distansieer van God se basiese wette, wat die *regte soort* seksuele verhoudings beskerm, sal hulle uiteindelik **nie** "pret hê" nie. Hulle sal eerder 'n toenemende gevoel van leegheid, frustrasie, woede en selfs fisiese siektes ontwikkel. Dit is die gevolg van hul **verwerping** van die einste **wette** van God wat seksuele verhoudings reguleer, die verhoudings wat die korrekte basis van die huwelik omskryf, asook die *hele basis* van enige samelewing wat werklik sal standhou.

**Ons Skepper bepaal reg en verkeerd**

Van die een tot die ander kant is die Bybel baie duidelik aangaande God se *algehele verbod* op homoseksuele bedrywighede. In 'n statuut wat die Ewige God aan antieke Israel gegee het, sê Hy: "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n **gruwel**" (Levitikus 18:22).

God het die apostel Paulus geïnspireer om in die Nuwe Testament die verdraaide redenasies van die "geleerde dwase" baie duidelik te maak met hierdie besadigde woorde: "Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om

hulle liggame onder mekaar te onteer – hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang" (Romeine 1:24-27).

Wanneer mans en vrouens *nalaat* om die Skepper vir Sy leiding te vra en begin om *menslike redenasies* as die basis van hul oortuigings en dade te gebruik, sal geweldige lyding uiteindelik intree. Soos Paulus geskryf het, hulle sal "die noodwendige **vergelding** van hulle dwaling ontvang". In net die volgende vers het God gewaarsku: "En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie" (vers 28).

*Dink!*

Hoe *kan* 'n belydende "Christelike" nasie soos die Verenigde State van Amerika die moord op byna 50 miljoen ongebore kinders toelaat? Hoe *kan* so 'n nasie selfs die idee in oorweging neem van "mans wat met mans trou" – *dit* wat die Skepper 'n "gruwel" noem, en wat die meeste van ons wat reeds vir dekades leef, herken as die produk van *baie verwarde verstande*. Hoe *kan* 'n belydende Christelike nasie oorheers word deur regters, wetgewers en opvoeders wat so "vol van hulself is" dat hulle hovaardig die blote idee van 'n ware God wat aan hulle sê wat om te doen, **verwerp**?

Die *antwoord* is dat 'n baie werklike Satan die duiwel die hedendaagse Amerikaners, Britte, Kanadese, Australiërs – asook miljoene ander mense regdeur die sogenaamde "Westerse" wêreld, in 'n kragtige wurggreep het. Ons – wat meer Bybels gepubliseer het, meer sendelinge, onderwysers en dokters uitgestuur het en vir baie lank, dikwels met groot welslae, probeer het om andere te help – het hul **gedistansieer** van 'n opregte geloof in en ontsag vir die God van die Bybel.

Nee, ons moet ons **nie** wend na sommer **enige** "god" nie. Die hoop van ons nasie en van ons wêreld is in *die God van die Bybel*. Afgesien van Hom, kan dit slegs "elke man vir homself" wees. Sonder Hom sal ons samelewing toenemend 'n spieëlbeeld word van wat met antieke Israel gebeur het toe die bevolking hul gedistansieer het van God en staat gemaak het op hul eie menslike opinies.

Die boek Rigters beskryf die gruwelike situasie waar 'n man se byvrou herhaaldelik deur 'n perverte bende homoseksuele verkrag en gemolesteer was. Hulle wou oorspronklik die man se manlike gas verkrag, maar die eienaar van die huis was in staat om hulle te oorreed om eerder sy gas se byvrou te verkrag. Sy was gruwelik mishandel en het die hele nag buite deurgebring – hy het haar die volgende oggend dood gekry. Oënskynlik het die man, om sy medeburgers tot die *verskriklikheid* van die gebeure te skok, "haar stukkend gesny volgens haar gebeente in twaalf stukke en dit in die hele grondgebied van Israel rondgestuur" (Rigters 19:29).

Hierdie "skreiende" voorbeeld van waarheen hul verwarring gelei het, het uiteindelik die mense van Israel aangehits om tot die daad oor te gaan. 'n Burgeroorlog teen die stam van Benjamin het gevolg. Teen die tyd toe dit uiteindelik besleg was, was die meeste manlike lede van Benjamin dood. Die Bybel sê van daardie tyd: "In dié dae was daar geen koning in Israel nie: *elkeen het gedoen wat reg was in* ***sy oë***" (Rigters 21:25).

Geagte leser, dit is *presies* waarheen ons Westerse nasies op pad is **indien** ons op ons huidige koers voortgaan! Dit is *presies* hierdie soort sonde en verdorwe gedrag waarvan ons meer en meer regdeur ons samelewing sal lees. Indien ons ons nie werklik **bekeer** en terugkeer na wat die ware God in die Bybel sê nie, *mag God ons dan help*!

Maar, *sal ons?*

## 'n Werklike nasionale bekering?

Eerlikwaar, ons volke sal **nie** na God terugkeer *tensy* daar 'n radikale ommekeer en **nasionale bekering** plaasvind soos wat ons *nog nooit voorheen* in Amerika, of enige ander plek in die Westerse wêreld, *beleef* het nie. Soos 'n onlangse artikel in die *Charlotte Observer* uitgewys het: "Dit gaan nie goed met Amerikaanse Christelikheid nie en daar is bewyse dat die toestand meer

sorgwekkend is as wat die meeste mense besef – of wat hulle ten minste wil erken. Meningpeilers – veral die belangrike evangeliese George Barna – het herhaaldelik berig dat hulle weinig meetbare verskil kan vind tussen die sedelike gedrag van kerkgangers en die res van die Amerikaanse gemeenskap. Barna het bevind dat [self-geïdentifiseerde] wedergebore Christene meer geneig is om te skei ('n handeling wat ten sterkste veroordeel word deur Jesus) as ateïste en agnostici, en meer geneig is om rassisties te wees as ander Amerikaners ... 'Die kerk word daagliks meer gelykvormig aan die wêreld wat dít na bewering probeer verander', het Barna gesê" ("*Christianity is losing believers",* 11 Augustus 2010).

Dus, weereens, ons as 'n volk moet terugkeer na die **ware** God **–** die God wat Homself in die Bybel openbaar! 'n Fundamentele element in die definisie van *ware* Christelikheid word geopenbaar in Jesus se direkte opdrag: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, *maar van* **elke woord** *van God*" (Lukas 4:4). Wanneer mense begin om dit met hul eie **opinies** te vervang **–** of hul nou regters, wetgewers of leke is **–** dan is ons in **groot moeilikheid**. Die God van die Bybel **waarsku** nou ons nasies, *deur middel van hierdie einste Werk*, oor wat voorlê. Dit sal *binnekort* gebeur!

Deur hulle openbare optrede, en selfs *deur hulle eie woorde*, verag baie van ons erkende "leiers" in die politiek en in die regstelsel, verseker die God van die Bybel! Dit is daardie ware God – wat "gister en vandag **dieselfde** [is] en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8) **–** wat aan ons voorsate gesê het: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en *as julle my insettinge* **verwerp,** en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek **–** dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking [terreur] oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet" (Levitikus 26:14-16).

Selfs nou word ons toenemend gewoond aan die gevare van "terreur" **–** of **terrorisme –** regdeur ons Westerse samelewing. Dit gaan *nog baie erger* word, **tensy** ons tot bekering kom en ons na God wend. Binnekort, soos God se Woord dit stel, sal verskriklike "tering en koors wat die oë verteer" **–** siektes soos die vreeslike VIGS-epidemie **–** met toenemende felheid oor ons mense kom. Dan, soos die bogenoemde aanhaling dit stel, sal ons ons saad tevergeefs saai, want ons vyande sal dit eet. Ons sal sonder kos raak **–** soos baie Amerikaners nie ten volle besef nie **–** nogtans is baie van ons kos alreeds aan *ander nasies* toegesê in ruilhandelooreenkomste waarvolgens die goedere in die toekoms nog gelewer moet word. Nasies soos China, Indië en ander lande het alreeds, en sal nog baie van ons voedsel ter waarde van **miljarde** dollars koop **–** wat dan *nie beskikbaar sal wees* vir Amerikaners ten tye van 'n krisis nie.

Soos God sê: "En Ek *sal julle* **trotse mag** *verbreek*, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper" (vers 19). Ons weerpatrone sal voortgaan om ontwrig te word – meer nog as ooit tevore in die menslike geskiedenis! Uiteindelik sal baie regdenkende mense begin ***wakker word*** en besef **–** werklik, na alles **–** die **Skepper begin** ingryp!

Sal **u** wakker word en u wend tot die *ware* God – die *God van die Bybel*? Individueel en gesamentlik is dit al wat ons kan doen. Ongeag van die gemeenskap om ons, kan ons *God se seëninge geniet* **indien** ons gewillig is om *onsself te verootmoedig* en **uit te roep** tot ons Skepper.

Soos die grote God, wat basies alle nasies op dieselfde manier behandel, aan antieke koning Salomo gesê het: "As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees" (2 Kronieke 7:13-14).

*Waar* u ook al is – *wie* u ook al is – ek moedig u aan om waarlik die Heilige Bybel te **bestudeer**, die geïnspireerde openbaring wat God aan elke en iedere mens gegee het. Om *u eie ontwil*, asseblief, *moet nie* slegs die Bybel lees om sentimentele redes of om wat u *alreeds glo* te versterk nie. Leer om die Bybel intens en opreg te **bestudeer** om te sien wat dit duidelik en herhaaldelik sê oor

die **werklike** aard van die Skepper-God, van die ewige lewe en van die ware **weg** na die ewige lewe.

Indien u werklik geïnteresseerd en gewillig is om hierdie dinge te **bewys**, kontak asseblief die Streekskantoor naaste aan u (gelys op bl. 2 van hierdie tydskrif) en bestel een van ons mees behulpsame en **fundamentele** boekies: *Hervestig die Christenskap van die Apostels*. U kan dit ook bestel by ons webtuiste, www.wvm.co.za. Moet nie versuim om hierdie belangrike kennis te bekom nie.

Mag God aan elkeen van u die nodige *begrip* en *ootmoed* skenk om gewillig te wees om u op hierdie manier na die God van die hemel te wend! Mag God, wanneer dit binne Sy tyd geleë is, **al** die mense van Amerika en die nasies van die wêreld wakker skud om hulle weer na die *ware* God – die Skepper van hemel en aarde – te wend. Op die ou end kan slegs die Skepper aan ons ewige lewe skenk. Aan die einde is dit slegs *Sy* opinie wat regtig *tel*! WvM

# Oortuiging, korreksie en bekering

**Deur William Bowmer**

***"Iemand wat teen sy sin oortuig word, huldig nog steeds dieselfde opinie [A man convinced against his will is of the same opinion still]".***

Hierdie alombekende gesegde – wat toegedig word aan hoë persoonlikhede wat strek vanaf Benjamin Franklin tot Sir Walter Raleigh tot die digter Samuel Butler – is nou bevestig deur moderne navorsers.

Die Universiteit van Michigan se gesondheidsbeleid-navorser, Brendan Nyhan, en die politieke wetenskaplike van die Universiteit van Georgia, Jason Reifler, het 'n verhandeling gepubliseer wat dokumenteer dat wanneer mense gekonfronteer word met bewysbare feite wat hul vaste oortuigings weerspreek, hulle dikwels nie deur die feite oortuig word nie ("*When Corrections Fail", Political Behaviour* 32(2), bll. 303-330). Selfs nog meer verrassend: Die navorsers het bevind dat wanneer aan mense gegewens verskaf word wat hul sienswyse behoort te verander, kleef hulle in werklikheid nog meer aan hul verkeerde sienswyses vas.

Die meeste mense is nie op soek na inligting wat hul oortuigings sal bevraagteken nie. Soos Nyhan verduidelik: "Navorsing toon dat mense geneig is om inligting uit te soek wat strook met hul eie sienswyses; dink aan die liberale dwepers van *MSNBC* en konserwatiewe aanhangers van *Fox News*. Liberales en Konserwatiewes is ook geneig om inligting wat hulle ontvang te verwerk teen die agtergrond van hul vooropgestelde idees, hul aanvaar opinies wat strook met hul eie standpunte en verwerp dit wat nie is nie. Die gevolg is dat inligting wat teenstrydig is met hul vroeëre gesindhede of oortuigings dikwels verontagsaam word, veral as hulle sterk aan hul oortuigings vasklou" ("*Myths About Health Care Reform Remain", New York Times*, 25 Maart 2010).

Mense is nie net geneig om inligting, wat in stryd is met hul eerste opvattings, te verontagsaam nie, hulle is daarna dikwels **meer** oortuig van die vervalsing nadat hulle die waarheid aangehoor het. Soos Nyhan dit tydens 'n Nasionale Openbare Radio-onderhoud verduidelik het: "Die mense was so suksesvol om redes op te diep dat die korreksie verkeerd is, dat hul uiteindelik meer oortuig was van die wanvoorstelling as die mense wat nie die korreksie ontvang het nie. Met ander woorde: Die korreksie het sake net vererger" (*On the Media*, 3 Julie 2009).

Nyhan het tot sy gevolgtrekking gekom deur gebruik te maak van die moderne sosiale wetenskappe. Deur dit te doen het hy bevestig wat bestudeerders van die Skrif reeds vir duisende jare verstaan. Jesus Christus het hierdie verskynsel eerstehands ervaar toe Hy die Fariseërs tereggewys het. "Wie van julle oortuig My van sonde? En as Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie?" (Johannes 8:46). Geen bron van feite kan tog meer geloofwaardig wees as die Logos – die Woord – wat vlees geword het nie. Die Fariseërs het nogtans nie die waarheid van Jesus Christus aanvaar nie. Hulle fisiese menslike aard het hulle in 'n toestand van selfbedrog gehou. Soos die profeet Jeremia gewaarsku het: "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?" (Jeremia 17:9).

In die uiteindelike ontleding, soos beide die moderne wetenskap en die antieke Skrif bevestig, glo die meeste mense net wat hulle graag wil glo. Selfs wanneer mense God se Waarheid hoor, ontvang hulle dit volgens hulle eie gesindheid, net soos Christus verduidelik het in die Gelykenis van die Saaier (Mattheüs 13:3-9). Die apostel Paulus het verduidelik dat geestelike waarhede geestelik beoordeel word (1 Korinthiërs 2:14) – dus kan ons verstaan dat, tensy God mense se verstande open, hulle deur Satan verblind sal bly. Die Skrif noem Satan "die god van hierdie wêreld" (2 Korinthiërs 4:4).

Wat beteken dit vir u? Indien u die waarhede wat deur die *Tomorrow's World* en *Wêreld van Môre* se tydskrif, televisie programme en Webtuiste aangebied word, begin verstaan, is dit nie sommer 'n ligtelike saak nie – dit beteken dat God met u werk om u te help om u wanopvattings reg te stel. Hy mag u selfs tot bekering roep – tot berou oor sonde en doop! God roep nie baie mense gedurende hierdie tydperk om deel van Sy "klein kudde" (Lukas 12:32) te wees, wat onder Jesus Christus in die naderende Millennium sal regeer nie. Indien Hy u dus roep, moet dit nie ligtelik opneem nie! WvM

# Vrede op aarde?

## Deur Rod McNair

**Watter Heilige Dag belowe ware wêreldvrede? Die antwoord mag u verras!**

Tydens die geleentheid van Jesus Christus se geboorte het 'n magtige engel woorde gespreek wat onder die beroemdste en bekendste in die Westerse wêreld is: "Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!" (Lukas 2:14).

Tesame met die engel se woorde was daar 'n verblindende lig en die kragtige, welluidende stemme van 'n engelekoor. Hoe wonderbaarlik moes dit nie vir daardie skaapwagters gewees het om daarvan getuie te wees nie! So oorweldig en bevrees was hulle deur die krag van hierdie aankondiging dat die engel hulle moes gerusstel, deur te sê: "Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is" (Lukas 2:10-11).

Deesdae vereenselwig die meeste mense die engel se aankondiging met Kersfees. Miljoene mense benut die geleentheid om kaartjies met Kers- en Nuwejaarsgroete en goeie wense vir seëninge en voorspoed te stuur. Plakkate in winkels wat die klante "Vrede op Aarde" toewens, hang langs die "50% afslag" baniere namate die Kersinkopies na hoogste versnelling oorskakel. Selfs te midde van 'n verbruikers-gedrewe Kersfees, reik die hoop van "Vrede op Aarde!" tot diep in die menslike versugting na harmonie in ons wêreld.

**Wat het Kersfees met dit alles te doen?**

Hoe het die engel se boodskap dan verbind geraak met 25 Desember? Dit is interessant dat ons in die *Encyclopaedia Brittanica* se artikel getiteld "*Christmas*", lees: "So laat as 245 het Origen die idee verwerp om Christus se verjaarsdag te vier 'asof Hy 'n koning Farao is'" (14de uitgawe, Vol. 5, bl. 642). Selfs die *Katolieke Ensiklopedie* erken dat "Kersfees nie onder die vroegste feeste van die Kerk was nie" ("*Christmas*", bl. 724, Vol. III, 1908). Indien Kersfees "nie onder die vroegste feeste van die Kerk" was nie, waarom vier so baie belydende Christene dit?

Dit is algemene kennis dat 25 Desember nie voor die vierde eeu n.C. amptelik deur die Rooms-Katolieke Kerk erken was as die goedgekeurde datum om Christus se geboorte te gedenk nie. Soos outeurs Albert en Shirley Menendez uitwys, het die 25 Desember tradisie nie ontstaan om Bybelse redes nie, maar as gevolg van 'n "politieke besluit as teenvoeter vir reeds bestaande gewilde 'heidense' (of 'voor-Christelike') feeste" (*Christmas Songs Made in America*, bl. 3). Die "Christelike" kerk het die Romeinse fees, Saturnalia, geabsorbeer en dit herdoop na "Kersfees".

Watse soort fees was Saturnalia? "Tydens Saturnalia was die gewone gang van die lewe omgekeer. Dobbel was wettig verklaar, howe was gesluit, en niemand kon vir 'n misdaad veroordeel word nie. Slawe het hul getooi in hul meesters se klere en was deur hul meesters bedien. 'n Kammakoning was gekies om oor die feestelikhede te heers: Hy sou eeue later weer sy verskyning maak op Kersfees as die "Heer van Wanbestuur" (*The Pageantry of Christmas*, bl. 10). Tipiese norme van ordentlike gedrag en maatskaplike beperkings onderstebo gekeer? Dit klink nie na 'n vreedsame manier om die groot Wetgewende God te eer nie; dit klink eerder na goedkeuring van wanordelikheid. Saturnalia – of te wel "Kersfees" – het 'n viering geword van tydelike wegbreek van verantwoordelike, selfbeheersde gedrag.

Dit was vir honderde jare die aard en karakter van Kersfees. Skrywer Stephen Nissenbaum verduidelik dat in die 1700's en 1800's, Kersfees in Amerika nie gegaan het oor sneeubedekte "Norman Rockwell" tonele en asemrowende ritte deur die platteland op sleë wat deur perde getrek was nie! Meer as enigiets anders, het Kersfees in die vroeëre Amerika "oproerige

wanorde, rasse-geweld en uitbundige gekskeerdery beteken ... [dit was 'n] luidrugtige, besope, dreigende tydperk in die oë van welvoeglike mense" (*The Battle for Christmas*, bl. 24). Dit was 'n ware nakomeling van sy ouer, die losbandige Romeinse fees van Saturnalia!

**Kersfees misdaad?**

Gedurende die laaste 150 jaar of so, is Kersfees grootliks getem en "gereinig" en het 'n groot deel van sy liederlike verlede verloor. Daar bestaan nou slegs spore van Kersfees se oproerige verlede, soos die jaarlikse gekostumeerde maskerparade wat oor Amerika gebeeldsend word vanuit Philadelphia, Pennsylvania.

Nogtans, alhoewel miljoene mense elke jaar "Kersvakansie" geniet as 'n tyd om met vriende en familie deur te bring, faal dit dikwels om die ideale van vrede en huislike rustigheid gestand te doen, wat dit veronderstel is om te wees. Vir baie mense het Kersfees 'n donker en selfs gevaarlike kant. In hul boek, *Unplug the Christmas Machine*, verduidelik skrywers Jo Robinson en Jean Coppock Staeheli dat 'n klompie jong mense by een werkswinkel vir kinders, gevra was om die belangrikheid van Kersfees-herinneringe te beskryf. Verrassend en tragies het *ses uit die tien* kinders Kersfees geassosieer met onaangename herinneringe van ouers wat drank misbruik (bl. 81).

Statistiek toon eintlik dat sekere misdrywe – selfs gesinsvoorvalle – jammerlik *toeneem* op hierdie veronderstelde dag van "welwillendheid". In 'n studie wat gedoen is van 2002 tot 2006, het Australiese navorsers gevind dat daar 'n neiging is dat "tussen een kwart en een derde meer gesinsgeweld-verwante aanrandings op Kersdag aangemeld word as op enige ander daaglikse gemiddelde vir dieselfde tydperk" ("*Does Crime Increase over Christmas and New Year?*", *New South Wales Bureau of Crime Statistics and Research*). Dieselfde navorsing het getoon dat nie-huishoudelike geweld-verwante aanrandings die week voor Kersfees 'n oplewing toon. Die verslag verduidelik dat dit "vermoedelik te wyte is aan die groot getal sosiale aktiwiteite en verhoogde alkohol-inname gedurende hierdie tyd". Selfs gevalle van "kwaadwillige beskadiging van eiendom" neem toe gedurende die dae net voor Kersfees (*ibid*.). Dankie tog dat nie almal sodanige negatiewe ondervindings ervaar nie. Die vraag bly egter – waarom faal Kersfees daarin om sy veronderstelde belofte gestand te doen?

Die Skrif beskryf God as die "God van vrede" (Romeine 16:20; Filippense 4:9; 1 Thessalonicense 5:23; Hebreërs 13:20). Jesus Christus het belowe om "vrede" te bewerkstellig te midde van die wêreld se gevare en vrese. Hy sê aan Sy dissipels: "Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie" (Johannes 14:27). Selfs wanneer ons gebuk gaan onder probleme en beproewings, wil God dat ons die diep, innerlike vrede sal ervaar wat voortspruit uit die inwoning van Sy Heilige Gees, deur volslae gehoorsaamheid aan Hom (Handelinge 5:32). Hy wil hê dat ons vrede moet hê "wat alle verstand te bowe gaan" (Filippense 4:7).

God wil nie net hê dat Christene diep, innerlike vrede moet ervaar nie, Hy wil hê dat vrede na die hele mensdom moet uitbrei! Hoe sal dit gebeur? Kersfees het nie die antwoord nie. Nogtans, "God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges" (1 Korinthiërs 14:33). Waar kan ons dus soek om God se eintlike plan vir vrede te vind? Ons kan dit in God se Woord vind – veral in Sy openbaring van Sy Heilige Dae, wat Sy plan van redding vir die hele mensdom uitbeeld!

**Wat sou Jesus onderhou?**

Watter feeste het Jesus en Sy dissipels onderhou? Behoort ons hulle voorbeeld te volg? Behoort u die Bybel se feestye vandag nog te onderhou? Wat mag hierdie Heilige Dae ons leer oor God se oorhoofse plan vir die mens? *Wat sê hulle ook aan ons aangaande die toekomstige heerskappy van Christus – aangaande vrede op aarde en in*

*die mense 'n welbehae?*

Die meeste belydende Christene word geleer dat hulle nie die Heilige Dae wat Jesus en Sy dissipels onderhou het, hoef te onderhou nie. U is moontlik geleer dat hierdie dae "Joods" is of dat daarmee "weggedoen" is. Wat sê u Bybel werklik? Ware volgelinge van Jesus Christus behoort Sy voetstappe na te volg (1 Petrus 2:21) en "behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het" (1 Johannes 2:6). Om dit te doen, behoort ons uit te vind hoe Hy geleef en watter Heilige Dae Hy onderhou het toe Hy die aarde bewandel het.

Die Skrif toon duidelik dat Jesus die sewende-dag Sabbat as 'n lewenswyse onderhou het (Lukas 4:16). Van Sy jeug af het Hy die sewe jaarlikse Heilige Dae, insluitende die Pasga en die Dae van Ongesuurde Brood onderhou (Lukas 2:40-43). Later lees ons dat Christus, gedurende Sy bediening, na Jerusalem opgegaan het om die Huttefees te onderhou (Johannes 7:2, 10).

Is die Heilige Dae slegs 'n historiese seldsaamheid – onbekende detail van Jesus se lewe wat nie meer van toepassing is nie? Nee! In der waarheid beeld die Heilige Dae die volle omvang van God se plan van redding vir die mensdom uit! Vir 'n volledige verduideliking moet u asseblief ons gratis boekie, *Die Heilige Dae – God se meesterplan*, aanvra. Deur die Heilige Dae te onderhou, doen ons nie slegs 'n deel van wat Jesus gedoen het nie, dit stel ons ook in staat om te verstaan wat Hy verkondig het, en waarom!

Die jaarlikse siklus van God se Bybelse Heilige Dae begin met die Pasga, wat in die eerste maand van God se Heilige kalender val en ooreenstem met Maart of April van die Romeinse kalender (Eksodus 12:2). Die Pasga is 'n jaarlikse herinnering aan Christus se offer om vir ons sondes te betaal. Christene van die eerste eeu het die Pasga as 'n plegtige geleentheid onderhou (1 Korinthiërs 11:23-26), net soos getroue Christene tot vandag doen.

Gedurende die sewe Dae van Ongesuurde Brood, ook in die lente [in die noordelike halfrond] verwyder Christene fisies suurdeeg en rysmiddels uit hul huise en dra sodoende die boodskap oor dat hulle sonde uit hul lewens verwyder. Paulus leer ons hierdie basiese waarheid in 1 Korinthiërs 5:7-8. Die eerste en laaste dae is "groot dae" en word onderhou deur op te hou met werk en saam met God se mense te aanbid.

Hierna volg Pinksterdag, wat die dissipels besig was om te onderhou toe God Sy Heilige Gees oor die Kerk uitgestort het (Handelinge 2:1-4). Hierdie dag word ook die Fees van die Oes of Eerste Vrugte genoem. Dit verteenwoordig die klein oes van diegene wat God nou uit die wêreld uit roep (1 Korinthiërs 1:26-28). Die meeste belydende Christene besef nie dat God vandag slegs met 'n klein groepie eerstelinge werk nie (Openbaring 14:1-5) deur hulle voor te berei vir 'n spesiale rol in die toekoms – om onder Christus in Sy Koninkryk op aarde te heers (Lukas 19:17, 19). Op elke Pinkster weerhou ware Christene hul daarvan om gewone werk te doen en kom bymekaar om saam te aanbid.

Die Fees van Basuine is die volgende Heilige Dag in die jaarlikse kalender en val aan die begin van die sewende maand van God se jaar (September of Oktober van die Romeinse kalender). Hierdie Heilige Dag verteenwoordig 'n gebeurtenis wat nog in die toekoms lê – Jesus Christus se triomfantlike wederkoms na hierdie aarde! Die dag word geassosieer met die "blaas van trompette" of ramshorings – 'n antieke instrument om mans vir oorlog op te roep – om te simboliseer dat Christus sal terugkeer gedurende 'n tyd van wydverspreide geweld en oorlog. Die trompetgeluid is 'n waarskuwing om gereed te maak vir die onheil wat voorlê (Mattheüs 24:31). God se Kerk moet 'n "wag" wees (Esegiël 33:7) deur "met die basuin te blaas" om die wêreld te waarsku – insluitende die moderne afstammelinge van antieke Israel – aangaande God se dreigende oordeel. Hierdie Heilige Dag is ook 'n dag van weerhouding van werk en om saam te kom vir aanbidding (Levitikus 23:24-25).

Net tien dae later volg die Versoendag, 'n plegtige onderhouding wat die binding van Satan die duiwel vir 'n duisend jaar uitbeeld (Openbaring 20:1-2). Behalwe

dat hulle byeenkom om te aanbid, vas God se mense op hierdie dag (Levitikus 23:27).

**Die Huttefees: Die ware fees van vrede!**

Die volgende Heilige Dag, die Huttefees, volg net vyf dae na die Versoendag (Levitikus 23:33-35). Toe die kinders van Israel in die woestyn geswerf het, het God in hulle midde gewoon in 'n "tabernakel" of 'n tent – 'n verskuifbare of tydelike woonplek. Die Huttefees beeld die naderende toekomstige millennium van Jesus Christus se heerskappy op die planeet Aarde uit, wanneer fisiese mense vir 'n duisend jaar lank onder die weldadige en regverdige heerskappy van die Koninkryk van God sal leef. Anders as die afgelope 6,000 jaar van menslike wanregering, sal hierdie 'n tyd wees wanneer alle foute reggestel sal word en die onderdruktes nie langer onderdruk sal word nie!

Lees 'n paar van die profesieë wat betrekking het op die duisendjarige Vrederyk wat deur die Huttefees uitgebeeld word: "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom" (Jesaja 2:2). Dit is 'n verwysing na Jesus Christus wat 'n koninkryk sal vestig wat voortrefliker sal wees as alle ander koninkryke wat nog ooit op die aarde was (Daniël 2:44). Wat sal die gevolg wees van die regverdige heerskappy van hierdie Koning van die konings? "En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:4).

Jesus Christus sal vanuit Jerusalem regeer. Hy sal diegene wat geleer het om geskille op te los met 'n mes, geweer of spies teregwys en weer oplei. Hy sal hulle 'n nuwe en ander manier leer. Oorlog sal iets van die verlede wees. "Vrede op Aarde" sal nie langer 'n leë slagspreuk wees nie. Dit sal 'n werklikheid wees! Die Huttefees beeld dit uit!

Jesus Christus se regering sal sorg vir almal wat verdruk word en swaar kry: "... maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:4, 9). Herrese Christene uit ons huidige tydperk, die "eerste vrugte", sal onder Jesus Christus regeer en Sy regering toepas (Judas 14-15; 1 Korinthiërs 6:2). Hierdie verheerlikte eerste vrugte sal vir 'n duisend jaar (Openbaring 5:10, 20:46) hier op aarde oor stede regeer (Lukas 19:17, 19). Hulle sal 'n aandeel daarin hê om hierdie nuwe weg na vrede te onderrig. Soos Jesaja voorspel het: "Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie – maar jou oë sal jou leraars sien; en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan" (Jesaja 30:20-21).

Wanneer u dit werklik verstaan, is die Huttefees 'n insiggewende blik in die glorieryke toekoms van die mensdom! Dit belowe 'n tyd van verligting van die pyn en lyding van hierdie tydperk. Dit toon dat haat, geweld en oorlog tot 'n einde sal kom. Jesus Christus sal dit persoonlik uitroei wanneer Hy kom om te heers!

In die plek van die "Heer van Wanbestuur" wat verbind word met die misleidende tradisies van Kersfees, sal Jesus Christus regeer as die "Vredevors!" Ons lees: "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors" (Jesaja 9:5). Mag God daardie dag bespoedig!

**God sal saam met die mensdom "woon"**

Tydens antieke Israel se omswerwinge in die wildernis, het die Tabernakel hulle daaraan herinner dat God saam met hulle

woon. Dit het ook verwys na die Messias wat na die aarde sou kom om vir die mensdom te lewe en te sterwe. Daar was egter nog meer! Dit het ook simbolies vooruit gewys na Christus se **wederkoms**! Wanneer Jesus Christus kom sal Hy tussen die mense "woon" – leef – en heers as Koning van die konings (Openbaring 17:14). Is die belofte van Christus se wederkoms vir u werklik? Is dit 'n werklikheid waaroor u opgewonde raak en waarvoor u wag (Lukas 21:28)? Wil u graag een van diegene wees wat Christus sal gebruik om die wêreld 'n beter manier te leer? Indien wel, onderhou die Fees – dit sal u help om u dit voor te stel, te verstaan en u voor te berei!

Jesus en Sy dissipels het nooit Kersfees gevier nie. Hulle **het** egter **wel** die Huttefees onderhou. Bybelse profesieë praat niks daarvan dat die hele wêreld Kersfees sal vier nie. Dit gee egter **wel** aan ons 'n belofte dat alle nasies in die Koninkryk van God tesame die Huttefees sal onderhou. "En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier" (Sagaria 14:16).

"Vrede op aarde, in die mense 'n welbehae" is nie 'n fantasie of 'n abstrakte idee nie. Dit is 'n werklikheid wat sal kom, so seker as wat Jesus Christus weer sal kom. God se Kerk onderhou elke jaar die Huttefees en kry so 'n klein voorsmakie van daardie naderende tyd wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar "wat alle verstand te bowe gaan" (Filippense 4:7). Sal *u* die Fees onderhou? WvM

***Vervolg vanaf bladsy 19 – Sal Islam Europa verander?***

die vorming van 'n gedeelde Europese identiteit. Nou is daar egter weer 'n waarneembare Islamitiese bedreiging namate Moslemse ekstremiste aandring op 'n "heilige oorlog" en herstel van die Kalifaat. Net soos baie ander Europese leiers, glo Pous Benediktus ook dat Europa nie sal oorleef sonder 'n terugkeer na die kontinent se kulturele en godsdienstige wortels nie. *Is daar enige ander bedreiging, afgesien van radikale Islam, wat Europa se sekulariste en godsdienstiges kan verenig?*

**'n Blik op die toekoms**

Europa se geskiedenis kan ons help om die huidige gebeure te verstaan, maar vandag se gebeure kan verder toegelig word deur die "toekomstige geskiedenis" wat in Bybelse profesieë opgeteken is. God deel aan ons die nuus mee **voordat** dit gebeur. Gevolglik kan gelowiges huidige gebeure verstaan in die konteks van die volledige panorama van die geskiedenis.

Met 'n duisend jaar van invalle en besettings wat terugdateer na die agtste eeu, het Islam 'n lang geskiedenis as strategiese bedreiging vir Europa. Anders as die Amerikaners, het Europeërs – op *Europese grondgebied* – eeue van oorloë met Moslems verduur. Europeërs begin stadig besef, gegewe die geskiedenis van *djihad* in Europa, dat 'n herstelde Islamitiese Kalifaat in die Midde-Ooste weer 'n strategiese bedreiging vir die kontinent sal inhou.

Islamiete herinner Europeërs inderdaad openlik aan hierdie bedreiging. Iran se President, Mahmoud Ahmadinejad, het die EU in 2006 geskok toe hy in die openbaar aangekondig het: "Ons het die Europeërs geadviseer dat Amerika ver weg is, maar julle is die bure van hierdie streek se nasies. Ons herinner julle daaraan dat die nasies soos 'n oseaan is wat opwel en indien 'n storm sou losbars, sal die omvang nie beperk bly tot Palestina nie en julle mag seerkry. Dit is in julle eie belang om julle te distansieer van daardie misdadigers [Israel]. Dit is 'n ultimatum" ("*Ahmadinejad Does Europe", Wall Street Journal*, 24 Oktober 2006, bl. A18). Daar is geen bewys dat President Ahmadinejad van opinie verander het nie en hy kan moontlik binnekort oor kernwapens beskik. Suid van Ahmadinejad eis baie Moslems regoor die Arabiese Skiereiland en in Noord-Afrika, 'n terugkeer

***Vervolg op bladsy 26***

# Londen Roep

# Maria se bruidskat

**Deur Rod King**

Presies 61 jaar gelede hierdie November, het Pous Pius XII van die Rooms-Katolieke Kerk die leerstelling dat Maria, die moeder van Jesus, liggaamlik in die hemel opgeneem is aan die einde van haar lewe, as dogma verklaar. Elke jaar op 15 Augustus vier die Rooms-Katolieke 'n feesdag bekend as die "Fees van die Hemelvaart van Maria" om hierdie geloofsoortuiging te gedenk – dit wat steeds een van die belangrikste "knelpunte" bly wat Rooms-Katolieke en Protestantse gelowiges verdeel.

Soos in die leerstelling van die Hemelvaart van Maria, vereer Rooms-Katolieke gelowiges in baie nasies Maria tot so 'n mate dat dit die meeste Protestante ongemaklik laat voel. Nogtans, enig onder al die nasies, het **slegs** die Rooms-Katolieke in Engeland die idee dat hulle nasie op 'n besondere wyse "Maria se Bruidskat" is.

Engelssprekendes oor die algemeen assosieer die woord "bruidskat" (afgelei van die Latynse *dos*, wat "donasie" beteken) met die skenking wat 'n bruid vergesel. In die Middeleeuse Engelse regstelsel is hierdie betekenis egter omgekeer – die eggenoot moes 'n deel van sy boedel opsysit vir die onderhoud van sy vrou, sou sy 'n weduwee word. Diegene wat Engeland as "Maria se bruidskat" beskou, verstaan dit in hierdie konteks – dat Engeland, histories vir Maria "opsygesit is", op 'n wyse soos geen ander land ooit nie.

Hoe het hierdie toewyding ontstaan? Koning Richard II het in 1381 Engeland formeel aan Maria opgedra in 'n seremonie in Westminster Abdy, maar tradisie plaas die oorsprong daarvan honderde jare vroeër, selfs so ver terug as een van die laaste Anglo-Saksiese Konings, Edward die Belyer, wat van 1042 tot 1066 regeer het.

Tot en met die Protestantse Hervorming het baie konings van Engeland hierdie toewyding van Maria in stand gehou – insluitende Henry V, wat vermoedelik die oorlogskreet by Agincourt aangehef het: "*Our Lady for her Dowry; St George and St Edward to our aid*".

Nadat die rebelse Koning Henry VIII Katolieke oorheersing in Engeland verwerp en die Kerk van Engeland – die Anglikaanse Kerk – ingestel het as die enigste kerklike gesag onder sy regering, het die Pouslike Biskopsetel verskeie metodes probeer om 'n weerspannige dogter na haar moeder terug te bring. Een van die beroemdste was Pous Sixtus VI se seën wat hy in 1588 oor die Spaanse Armada uitgespreek het. Die Aartsbiskop van Lissabon het 'n spesiale mis uitgevaardig vir die Armada se sukses in die stryd teen die magte van die "ketter", Koningin Elizabeth I en 'n seën uitgespreek oor almal in die Spaanse vloot en hulle almal voor die tyd vrygespreek vir al die sterftes wat hulle aan hul Engelse vyande sou besorg.

God moes egter nie oortuig gewees het van die aartsbiskop se seën nie. Soos die meeste studente in geskiedenis sal onthou, was die Armada se missie 'n ramp met 'n beraamde 11,000 Spaanse matrose en soldate wat hul lewens verloor het.

Die Engelse Katolieke en hulle leiers in Rome het steeds 'n vurige toegeneentheid vir Maria behou. In 1893, alhoewel Rooms-Katolisisme toe lank reeds 'n minderheidsgodsdiens in Anglikaanse Engeland geword het, het Pous Leo XIII Engeland se Rooms-Katolieke biskoppe versoek om hul land weer aan Maria toe te wy en het die populêre toewyding 'n amptelike seël van die Vatikaan se goedkeuring gegee. Destyds moes dit egter na 'n leë gebaar gelyk het, gesien in die lig van die magtige Anglikaans-geleide Engeland.

Deesdae het Engeland egter die meeste van haar vorige ekonomiese en militêre mag verloor. Die Anglikaanse Kerk, reeds vir verskeie dekades beset deur interne

teenstrydighede, is nou in 'n selfs groter oproer na 'n besluit wat geneem is tydens die Anglikaanse Algemene Sinode wat in Julie 2010 in York gehou is. By die enklave, het "Die Kerk van Engeland se regerende liggaam gesê dat vroulike biskoppe toegelaat moet word en die weg gebaan vir sodanige ordinasies ten spyte van besware van tradisievastes ... Op voorwaarde dat die meeste lede die idee sal goedkeur, sal die wetsontwerp in 2012 na die Algemene Sinode teruggaan vir formulering en finale goedkeuring" (*Agence France-Presse*, 13 Julie 2010, "*Women Bishops Should be Allowed*").

**Die Tiberrivier oorsteek?**

Pous Benediktus XVI het onlangs nuwe protokols ingestel om dit vir Anglikaanse geestelikes en hul gemeentes makliker te maak om, *en masse*, te bekeer tot Rooms-Katolisisme – selfs getroude Anglikaanse priesters toe te laat om getroud te bly terwyl hul dien as Rooms-Katolieke priesters. In die huidige klimaat met soveel as 'n derde van die Anglikaanse geestelikes wat ongelukkig voel oor die besluit om vroulike biskoppe te bevestig, mag hierdie opsie meer aanloklik as ooit wees vir selfs van die meer konserwatiewe geestelikes en gemeentelede.

Daar is egter grade van konserwatisme tussen die ontevrede geestelikes. Party wat beswaar maak teen bevestiging van vroue vind nog steeds sekere Rooms-Katolieke leerstellings 'n struikelblok, insluitende die mate waartoe Rooms-Katolisisme die verering van Maria magtig, buite dit wat hulle kan regverdig uit die Skrif en die tradisie van die vroeëre Kerk. Per slot van rekening, alles wat beskou kan word as "Maria-aanbidding" was geheel en al verwerp deur die Hervormers, veral deur Oliver Cromwell en die Puriteine.

Dit is in die lig hiervan dat Benediktus se September besoek aan Engeland besondere betekenis aangeneem het. Reg oor die wêreld word Rooms-Katolisisme aangeval deur nie slegs aanklagte dat die priesters daarvan hul skuldig maak aan wydverspreide seksuele wangedrag nie, maar ook dat 'n kultuur van geheimhouding die biskoppe aanmoedig om weg te kruip, te ontken en bewyse van wangedrag te verswyg. Hoewel die skandaal heel eerste aandag geniet het in Amerika, het biskoppe reg rondom die aarde onder skandalige omstandighede bedank, insluitende Roger Vangheluwe, biskop van Brugge, België.

Sal die huidige skandale die Rooms-Katolieke Kerk ruïneer? Benediktus weet dat sy kerk veel erger storms deur die eeue heen verduur het, en hy het sy oog op die langtermyn toekoms van Rooms-Katolisisme. Sommige mense neem waar dat sy besoek aan Engeland aan hom 'n rare geleentheid gebied het om 'n aanval te loods teen 'n teenstander in sy oomblik van swakheid.

'n Onlangse verslag praat van 'n nuwe departement wat deur Pous Benediktus gestig is om die afname in kerkbywoning regoor die Katolieke wêreld te stuit – veral in die Weste. "Die nuwe departement wat 'Die Pontifiskale [of Pouslike] Raad vir Nuwe Evangelisasie' genoem word, sal probeer om geloof onder Katolieke in die ryk, ontwikkelde lande weer te versterk – of, in die Pous se woorde – om 'die regte middele te vind om die standhoudende waarheid van die Evangelie weer in te stel'" (*The Daily Telegraph,* Londen, 30 Junie 2010, bl.17).

Baie mense in die Engelse Katolieke gemeenskap sal daarvan hou om te sien dat hul land waarlik die bruidskat van Maria word met 'n oplewing van Maria-eerbiediging wat ondenkbaar sou wees vir die Protestantse hervormers. Rooms-Katolieke vorm slegs 10% van die Britse bevolking. Alhoewel slegs 'n tiende van hulle die Mis gereeld bywoon, is diegene wat dit wel doen, gewoonlik vurig oor hul geloof.

**Maria: Ikoon of struikelblok?**

In 'n tyd wanneer Anglikanisme in sy vaderland in 'n krisis verkeer, reik Benediktus uit na beide Rooms-Katolieke en ontevrede Anglikane in die hoop om die droom van "Maria se Bruidskat" te vervul – van 'n Engeland wat godsdienstig verenig is met Rome, onder Maria. Maria self mag egter een

van die grootste struikelblokke wees. Die Protestante erken die Skrif noem haar "geseënd" omdat sy die voorreg gehad het om geboorte te skenk aan Jesus Christus. Waar die Rooms-Katolieke Maria egter vereer as "ewigdurende maagd", hou Protestante vol dat sy, op grond van die Skrif, nie 'n maagd gebly het nie, deur geboorte te skenk aan Jesus se broers en susters (Mattheüs 12:46; Markus 3:31). Rooms-Katolieke sien Maria as sonder sonde, byna gelyk aan Jesus, 'n "*Mediatrix of Graces*" [Middelares van Genade], ten spyte van die duidelike Bybelse stelling dat slegs Jesus die Middelaar is (1 Timotheüs 2:5).

Sal Roomse evangelisasie 'n herlewing van die *Bruidskat van Maria* as 'n konsep van Engelse godsdienstige identiteit, bevorder? Sal die aanbidding van Maria groter aanvaarding verkry in Engeland onder die konserwatiewe elemente van die Kerk van Engeland? Of sal Rome se klem op Maria-aanbidding baie Anglikane binne die Protestantse geledere hou? Die Skrif onthul dat die Roomse Kerk 'n al hoe belangriker rol sal speel in eindtydse gebeure. Dit lyk of daardie rol in konflik sal kom met langdurige Protestantse liggeraaktheid. Hou wêreldgebeure dop, hou aan om die *Wêreld van Môre* te lees vir nuus oor die toekomstige godsdienstig-politieke entiteit wat Engeland sal bring – saam met die hele Europa en inderdaad die wêreld – na 'n geprofeteerde tyd van ongekende krisis net voor Jesus Christus se wederkoms. WvM

***Vervolg vanaf bladsy 22 – Tekens van Christus se wederkoms***

daaraan dat die Rooi Kruis in November 2007 ingeroep was om water te verskaf aan Orme, 'n dorp in Tennessee. "Ek het gedink: 'Dit kan nie die Rooi Kruis wees nie. Ons is Amerikaners!' het inwoner Susan Anderson aan 'n verslaggewer gesê" (*The Guardian/UK*, 2 November 2008).

Intussen word ander dele van ons planeet verwoes deur oorstromings. In Pakistan het oorstromings op 22 Julie 2010 begin, en regdeur September voortgeduur, wat 20 miljoen Pakistani's dakloos gelaat en volgens 'n raming van die Wêreld Gesondheidsorganisasie, tot soveel as 6 miljoen mense blootgestel het aan die risiko van lewensgevaarlike siektes wat veroorsaak word deur besoedelde water.

Tensy ons heelhartig terugkeer na God, sal ons wêreld selfs nog meer uiterste weersomstandighede ervaar. Die Skepper-God het hierdie waarskuwing deur die profeet Amos gegee: "Alhoewel Ék die reën van julle teruggehou het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE" (Amos 4:7-8).

So ongelooflik as wat dit mag klink, verkondig sommige denominasies nou dat die "laaste dae" wat in die Bybel vermeld word, "twee jaar of twee duisend jaar of twee miljoen jaar mag voortduur". Die implikasie is dikwels: "Moet nie Bybelse profesieë bestudeer nie; dit is slegs maar 'n afleiding". Hierdie soort stellings ignoreer die ware opdragte van ons Verlosser. Net nadat Jesus van Sy wederkoms gepraat het, sê Hy: "En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, ***dat dit naby is***, voor die deur" (Mattheüs 24:32-33). Jesus verwag van Sy ware volgelinge om ingelig te wees oor hierdie tekens.

**Oorlog en wêrelduitwissing**

Jesus voorspel dat daar "oorloë en gerugte van oorloë" sal wees voor Sy wederkoms (Mattheüs 24:6). Skeptici en spotters mag opper: "Daar was nog altyd oorloë!" Inderdaad, die mensdom het nog selde vrede geken. Historici Will and Ariel Durant skryf in hul bekende boek, *The Lessons of History,* wat in 1968 uitgegee is: "Gedurende die afgelope 3,421 jaar van aangetekende geskiedenis, het

***Vervolg op bladsy 26***

# Sal Islam Europa verander?

## Deur Dexter B. Wakefield

**Van Keiser na Konstantyn na ... Kalifaat? Wat kan die Skrif en die geskiedenis ons leer oor Europa se toekoms en die opkoms van Islam in die Weste?**

Sal radikale Islam Europa verander? Gedurende die afgelope twee dekades het Europa deur verrykende veranderings gegaan, met die vorming van die 27-nasie Europese Unie en die instelling van 'n gemene geldeenheid, die euro. Die Europese Unie is nou egter in gevaar om te ontbind en die toekoms van sy eensmagtige geldeenheid word bevraagteken.

'n Aantal EU nasies se ekonomië verkeer onder druk as gevolg van onbeheerde tekorte. Dit het vereis dat van die ander EU nasies, hoofsaaklik Duitsland, vir hulle moes borgstaan. Duitsland het egter ingestem om net te help indien 'n sterker sentrale Europese regering beheer kan hê oor die fiskale beursie van die verkwistende lande. Die Duitsers wil nie hê dat die vrugte van hul swaarverdiende produktiwiteit spandeer word ter ondersteuning van die belastingoorspandering van ander Europese nasies nie.

Die gevolg is dat Europa voortgaan om verdeel te wees volgens kulturele, ekonomiese en nasionalistiese lyne, wat groot spanning meebring binne hierdie merkwaardige gemeenskap van nasies. Europa staan op 'n kruispad.

Dit was 'n lang en moeilike taak om die Europese Unie te vorm en Europeërs het groot veranderings aanvaar om te kan saamsnoer as die EU. Dit sal egter nog baie meer verg om hul gemeenskaplike bestemming te bereik. Wat sal dit verg om hierdie dwarstrekkende nasies saam te snoer as 'n magtige federale unie?

Teen hierdie agtergrond ervaar Europa tans 'n ongeëwenaarde demografiese verandering. Die kontinent wat lank reeds 'n bastion was vir belydende Christendom, het die tuiste geword van toenemende getalle Moslem immigrante wat uit hul geboortelande gevlug het in die hoop om deel te hê aan Europa se welvaart.

Wat hou hierdie veranderings vir Europa in? Die Skrif sê aan ons dat selfs groter veranderings voorlê in die relatief-nabye toekoms. Wat behels daardie verandering egter, en hoe sal dit gebeur?

### Geskiedenis maak saak!

Europa se huidige kultuur het nie uit die lug geval nie. 'n Nasie se kultuur spruit grootliks voort uit sy geskiedenis. Die nasies van Europa deel 'n gemeenskaplike fondament wat terugdateer na die 4de eeu n.C., toe Keiser Konstantyn die Romeinse Ryk "gekersten" het. Sedertdien was Rooms-Katolisisme die staatskerk van baie Europese nasies, hoewel die kerk-staat verhouding dikwels ingewikkeld en omstrede was.

Dit sal moeilik wees om die invloed van die Rooms-Katolieke Kerk op Europese geskiedenis oor te beklemtoon. Pous Johannes Paulus II, wat die Rooms-Katolieke Kerk beskou het as die gom wat al die verskillende kulture van Europa saamgebind het, verklaar: "Die geskiedenis van die vorming van die Europese Nasies hou tred met hul evangelisering. Derhalwe, ten spyte van die geestelike krisisse wat die lewe van die kontinent in ons dag kenmerk, *sal sy identiteit onverstaanbaar wees sonder Christelikheid* ... Slegs 'n Europa wat sy Christelike wortels nie verwerp nie maar dit herontdek, sal in staat wees om die uitdagings van die derde millennium die hoof te bied; Vrede, interkulturele en intergodsdienstige dialoog, die beveiliging van die skepping. Dit word van almal uit die Europese Weste en Ooste, wat in Christus glo, verwag om hul eie bydrae te lewer deur openlike en opregte ekumeniese samewerking"

(*Regina Caeli*, 2 Mei 2004).

Ekumeniese samewerking? Geen verrassing nie, in die Vatikaan se oogpunt van die ekumeniese beweging, lei alle paaie na Rome!

Pous Benediktus XVI het sy voorganger se tema uitgebrei deur te beweer dat die *blote begrip van Europa* nie sou bestaan in die geskiedenis of die hede, behalwe vir die belydende Christendom nie. Voordat Kardinaal Josef Ratzinger verhef is tot die pousdom, het hy geskryf: "Europa is nie 'n kontinent wat netjies in geografiese terme verstaan kan word nie; dit is eerder 'n kulturele en historiese begrip" (*Europe Today and Tomorrow*, bl. 11). Benediktus beskou die wortels van die *begrip Europa* as sou dit teruggaan tot by die instelling van die Heilige Romeinse Ryk in die 8ste eeu n.C., onder Karel die Grote. Karel die Grote word dikwels "Die Vader van Europa" genoem.

**'n Antieke droom**

Die boek Daniël vertel van Koning Nebukadnésar van Babel se droom van 'n groot beeld en dat Daniël ingeroep was om dit uit te lê. Daniël antwoord soos God aan hom openbaar het: "U, o koning, het 'n gesig gehad – kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, **sy bene van yster**, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. U het gekyk totdat daar sonder toedoen van *mense*hande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. ... U, o koning ... is die hoof van goud. En ná u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u [Mede-Perse]; daarna 'n ander, 'n derde koninkryk, van koper [Griekeland], wat oor die hele aarde sal heers; en die vierde koninkryk [die Romeinse Ryk en sy herlewings] sal hard wees soos yster ... Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie ... net soos u gesien het dat sonder toedoen van *mense*hande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar" (Daniël 2:31-45).

Dit is interessant dat Kardinaal Ratzinger 'n mate van begrip gehad het van die belangrikheid van hierdie beeldspraak. Toe hy oor die Europa van die Middeleeue geskryf het, merk hy op: "Die konseptuele voortsetting ... was verseker deur 'n teologiese interpretasie van geskiedenis: In verband met die boek Daniël was die Romeinse Ryk – vernuwe en verander deur die Christelike geloof – beskou as die finale en permanente koninkryk in die geskiedenis van die wêreld in die algemeen en derhalwe was die verbintenis van volke en state wat tot stand gekom het, omskryf as die permanente *Sacrum Imperium Romanum* [Heilige Romeinse Ryk]" (*ibid*., bl. 13).

Sy analise gee natuurlik nie die volle betekenis van hierdie beeldspraak weer nie. Nogtans, toe hy na die twee bene van yster van Daniël 2 se beeld verwys het, het die huidige pous daarop gewys dat selfs die Rooms-Katolieke Kerk in die verlede erken het dat die Romeinse Ryk en die opvolger daarvan, as die sogenaamde "Heilige Romeinse Ryk", uitgebeeld word in Nebukadnésar se droom.

Hy het ook na die beeld se twee bene verwys as 'n voortsetting van die *begrip van* Europa, *afgesien* van dié se geografie: "Ons kan die opkoms van die Karolingiese [Karel die Grote] se ryk aan die een kant [die westelike been] en die voortsetting van die Romeinse Ryk in Bisantium en dié se missie aan die Slawiese volke aan die ander kant [die oostelike been] as die ware en eintlike geboorte van die *kontinent* van Europa beskou ..." (*ibid*., bl. 17). In sy uiteensetting verteenwoordig die twee "bene" van die ryk die grondslag van die *geografiese begrip* van Europa en hy het ook 'n punt.

Verder: "Voor die moderne era het die twee helftes van ou Europa slegs een teenstander geken waarmee dit te kampe

gehad het in 'n stryd van lewe of dood, die Islamitiese wêreld" (*ibid*., bl. 22). Weerstand teen Islamitiese oorheersing het grootliks bygedra tot die gemene identiteit van Europa omdat dit die Europeërs gehelp het om te dink dat "die kontinent van Europa" *'n gemeenskaplike lot gehad het* om die Kalifaat te opponeer, wat vir meer as 'n duisend jaar probeer het om Europa te oorwin.

Benediktus herinner ons ook daaraan dat hierdie Rooms-Katolieke kloosterlewe "die noodsaaklike borg gebly het, nie slegs van kulturele voortsetting nie maar bo alles, van fundamentele godsdienstige en sedelike waardes, van die mens se bewustheid van sy uiteindelike lotsbestemming; en *as 'n krag wat eerste kom en verhewe is bo politieke gesag*, dit het die bron geword van die *hergeboortes* wat weer en weer nodig geword het" (*ibid*., bl. 15).

Vir Benediktus is "Europa" onafskeidbaar van "Christelikheid" – die instelling wat volgens sy siening, die kontinent omskryf, ontwikkel en beskerm het en dit gemaak het wat dit vandag is. Hy redeneer dat Europa nie lank daarsonder sal kan voortbestaan nie. Tans, terwyl die kontinent hernude aanslae van Islam in die gesig staar, begin baie magtige Europeërs tot dieselfde slotsom kom en hulle wil hê dat die Europese Unie konstitusioneel as "Christelik" omskryf moet word.

**Die krisis van sekularisme**

Daar is egter 'n opponerende beweging in Europa: *Sekularisme*. Die Franse is sterk ten gunste van 'n suiwer wêreldlike gemeenskap en hulle het selfs 'n woord daarvoor: "*Laïcité*". Die woord stem ooreen met "*Laicism*" in Engels en beide word afgelei van die Griekse woord *laikos*, wat "van die mense" beteken. 'n Samelewing wat onder hierdie model georganiseer is, verplaas godsdiens streng na private lewe, soos dat godsdienstige perspektiewe op gedrag en sedelikheid nie in die openbare sfeer geuiter mag word nie. Hierdie wêreldlike of *laïstiese* model raak meer en meer bekend aan Amerikaners wat sien dat hul howe openbare vertoning van die Tien Gebooie beperk en gebed in openbare skole verbied. Ver daarvan om godsdienstig-neutraal te wees, kom *laïsisme* dikwels voor as deur en deur vyandiggesind teenoor uitings van Judeo-Christelike beginsels en gebruike wat vir eeue lank as normatief aanvaar was in die Verenigde State, Groot Brittanje en ander Westerse nasies.

In Benediktus se kritiek op *laïsisme* het hy opgemerk dat die staat wat geen aanspraak maak op enige godsdienstige gesag nie, "beweer dat dit uitsluitlik gefundeer is op rede en eie intuïsies. Wanneer dit gekonfronteer word met die onbetroubaarheid van rede, het hierdie stelsels bewys dat dit swak is en maklik die prooi geword van diktatorskappe; hulle oorleef eintlik slegs omdat dele van die ou sedelike bewustheid bly voortbestaan, selfs sonder die voorafgaande maatskaplike grondslag, wat daardeur 'n basiese sedelike konsensus moontlik maak" (*ibid*., bl. 26).

'n Staat se wette gee uiting aan sy begrip van sedelikheid. Indien 'n gemeenskap dit as "verkeerd" beskou om banke te beroof of oor rooi ligte te ry, dan stel dit wette in om sodanige handelinge te straf. 'n Wêreldlike of *laïstiese* staat kan, by definisie, nie wette maak vir godsdienstige moraliteit nie; dus is die vraag: "**Wie se** sedelikheid sal in sy wette weerspieël word?"

Die EU is amptelik 'n sekulêre of wêreldlike staat. In 'n nuwe godsdienstige omgewing waar al hoe meer Europeërs probeer om hul Moslem-geloof te beoefen, kan al die gelowe egter geakkommodeer word in 'n sekulêre raamwerk? Of sal toegeeflikheid teenoor Islam eeue van Europese waardes ondermyn?

**Op die pad na federale eenheid**

Die spanning tussen sekulêre en Katolieke dryfkragte in Europa skyn hardnekkig te wees. Wat kan hierdie twee teenstrydige sienings verenig? Kan die EU ooit werklik polities en ekonomies verenig word met 'n sentrale federale regering? Voordat volle eenheid bewerkstellig kan word, moet twee skanse eers afgebreek

word.

*Die eerste kwessie is ekonomiese beheer*. Tot **onlangs**, het EU nasies fiskale outonomie binne die EU raamwerk geniet. Indiwiduele nasies se regerings het besluit hoe hulle hul mense gaan belas en hoe hulle die inkomste gaan spandeer. As gevolg van 'n gemene geldeenheid, het uitleners aanvaar dat daar 'n vanselfsprekende EU waarborg vir alle soewereine skuld van die onderskeie EU nasies is. Gevolglik het ekonomiese swak nasies soos Portugal, Italië, Ierland Griekeland en Spanje (wat in Engels gesamentlik die "PIIGS" nasies genoem word) meer ruimskoots maatskaplike dienste en pensioenvoordele voorsien as wat hulle werklik kon bekostig – wat tot nie-volhoubare tekorte en skuldvlakke gelei het. Die dreigende soewereine wanbetalings het nie slegs die lewensvatbaarheid van die euro bedreig nie, maar ook van die EU self, totdat Duitsland – die "kragreus van Europa" – 'n plan deurgedruk het om 'n borgskap te finansier in ruil vir groter Duitse invloed oor die EU se fiskale beleid. Van nou af sal daar baie meer sentrale toesig en beheer wees oor die verskillende EU nasies se spandering. Die ekonomiese onafhanklikheid van die EU nasies is effektief afgebreek. Hulle gemene geldeenheid, die euro, vestig 'n gesamentlike *ekonomiese lot* vir almal binne die EU. Dit het egter 'n groot ekonomiese krisis gekos om dit te vermag. Meer krisisse mag meer vermag.

*Die tweede kwessie is nasionalisme*. Indien u in Parys, Frankryk woon, sal u aan uself dink as 'n Fransman of as 'n Europeër? Behoort inwoners van Milaan eerstens aan hulself te dink as Italianers en daarna as Europeërs? Die groot meerderheid inwoners van die EU klou nog steeds vas aan hul nasionale identiteit eerder as aan hul identiteit as Europeërs. Die EU is 'n fiskale en politieke entiteit, nie 'n nasionale identiteit nie. Dit is nie 'n nuwe verskynsel nie. Voor die Amerikaanse Burgeroorlog van 1861-65, byvoorbeeld, het baie burgers aan hulself gedink as eerstens inwoners van hul eie staat (bv. "Virginiane") en slegs daarna as "Amerikaners". Dit het 'n vernietigende oorlog gekos om miljoene Amerikaners te oortuig dat die indiwiduele state 'n gemeenskaplike lot as een nasie deel en dat hulle identiteit as Amerikaners eerste moet kom.

Wat kon die nasionalisme en eiebelang van die indiwiduele EU lande oorkom en hulle verenig in 'n kragreus wat die wêreld sal ruk? Wat kon die voorstanders van 'n "Christelike Europa" aanspoor om gemeenskaplike gronde te vind met die *laïste* wat 'n sekulêre Europa wou hê? Wat kan die uiteenlopende volke van die EU 'n gevoel gee dat hulle 'n gemeenskaplike belang en gemeenskaplike lot deel?

**Die Islamitiese bedreiging**

Na Mohammed se dood in 632 n.C. het die Islamitiese Kalifaat sy heerskappy uitgebrei regoor die Midde-Ooste en Noord-Afrika. In 711 n.C. het Islamitiese magte Spanje binnegeval, dit verower en tot diep in Frankryk ingedring. Op sy plundertog na Parys, is al-Rahman se Moslem-leër uiteindelik in 732 n.C. in Frankryk gestuit deur die Rooms-Katolieke leër van Charles Martel met die "*Battle of Tours*" en Europese Katolisisme het behoue gebly.

Ten spyte van hierdie terugslag het die Kalifaat groot dele van Westelike Europa verower en vir eeue daaroor geheers, insluitend suidelike Italië en Sicilië, sowel as Spanje en dele van Frankryk. Later het Moslem-leërs Europa vanuit die Ooste binnegeval en gevorder tot by Wenen, Oostenryk – setel van die Heilige Romeinse Ryk – wat drie maal aangeval was, maar nooit oorwin kon word nie. Katolieke magte het by Granada, Spanje, die laaste Moslem-vesting in Europa in 1492 oorwin. Na 1718, met Hongarye se onafhanklikheid van Ottomaanse oorheersing, het die Kalifaat egter uiteindelik uit Oostelike Europa onttrek, wat 'n einde gebring het aan meer as 'n duisend jaar van oorloë.

Europa was vir byna 300 jaar nie gekonfronteer deur 'n dreigende Moslemse inval nie – 'n bedreiging wat deur die Middeleeue heen gelei het tot

*Vervolg op bladsy 12*

# Tekens van Christus se wederkoms

Deur Richard F. Ames

***Bykans 2,000 jaar gelede het Jesus se dissipels Hom gevra wat die tekens sou wees van Sy wederkoms en die einde van hierdie wêreld. Watter tekens en profetiese neigings het Jesus opgenoem in reaksie hierop? Ons behoort te weet wat die Bybel sê!***

Deur die eeue heen was daar baie mense wat voorspellings gewaag en datums vasgestel het, in afwagting op Jesus Christus se wederkoms. Tot dusver het alles gefaal. Beteken dit dan dat Jesus nie weer sal kom nie? Nee, glad nie! Van Adam en Eva se tyd af het die mense valse profesieë wat deur bedrieërs en aanspraakmakers verkondig is, geglo. Telkens is die profesieë in u Bybel egter juis bewys!

Meer as 100 profesieë in die Ou Testament het Jesus Christus se eerste koms voorspel. Van hulle is Jesaja se profesie dat die Messias 'n afstammeling van Koning Dawid, die seun van Isai, sou wees (Jesaja 11:1), dat die Messias uit 'n maagd gebore sou word (Jesaja 7:14), dat Hy in Galilea sou woon (Jesaja 8:23 NV.), dat Sy missie die heidene [nie-Jode] sou insluit (Jesaja 42:1-4) en dat Hy saam met die goddeloses sou sterf (Jesaja 53:9). Ander profesieë voorspel dat Hy in Bethlehem gebore sou word (Miga 5:2), dat Hy vir dertig silwerstukke verraai sou word (Sagaria 11:12-13), dat Hy Jerusalem op 'n donkie sou binnery (Sagaria 9:9) en dat Hy soos 'n geslane herder sou wees (Sagaria 13:7).

Al daardie profesieë is vervul. Dieselfde Bybel wat Jesus se **eerste** koms voorspel het, voorspel ook Sy **wederkoms**. Dosyne paragrawe in beide die Ou en die Nuwe Testamente voorspel Jesus Christus se wederkoms. Kyk na wat Jesus Self sê: "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, *kom Ek weer* en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Johannes 14:1-3).

**Jesus se eie woorde**

Waarom faal so baie mense om Jesus se eie woorde te glo? Hy het gesê: "Ek kom weer". Die profeet Sagaria sê selfs aan ons waarheen Hy sal terugkeer. "En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide" (Sagaria 14:4).

Die Olyfberg is net oos van die Tempelberg in Jerusalem. Teen die suid-oostelike hang is 'n ou paadjie wat na die dorpie van Betánië lei. Jesus het tyd daar deurgebring saam met Maria, Martha, Lasarus en Sy dissipels. My vrou en ek het met daardie selfde paadjie vanaf Betánië na die Olyfberg geloop. Dit het ons omtrent 'n halfuur geneem.

Wanneer Jesus na die Olyfberg terugkeer, sal daar 'n massiewe aardbewing wees en die berg sal in twee dele geskeur word. Kyk na die tydsbepaling. "Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, *o Jerusalem!* Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie" (Sagaria 14:1-2). Die wêreld se leërs sal by Megiddo saamgetrek wees en af beweeg na Jerusalem om teen Christus te veg met Sy wederkoms. Openbaring 16:14 noem dit "... die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God" – meer algemeen bekend as "Armageddon".

Die boek Handelinge bevestig ook Christus se wederkoms. In Handelinge 1 is

die dissipels getuie van Jesus se Hemelvaart. “En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het. Daarop draai hulle om na Jerusalem van die berg af wat genoem word Olyfberg, wat naby Jerusalem is, 'n sabbatsreis ver” (Handelinge 1:10-12).

Hier het ons drie duidelike Skriftuurlike verwysings na Christus se wederkoms gesien – en daar is baie meer. Onthou die aankondiging van die sewende basuin: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Let ook op na hierdie gedeelte uit Openbaring 19: “En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (verse 13-16).

Jesus het gesê dat vals godsdienste en vals tekens en wonders Sy wederkoms sal voorafgaan en baie mense sal mislei. Hy vermeld: “Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei” (Mattheüs 24:24). Daar sal kragtige godsdienstige misleidings wees. Nie net die paar mense nie, maar baie sal mislei word deur vals godsdienste – en selfs vals Christelikheid.

**Hoe om dit uit te ken?**

Hoe kan u weet wat waar en wat vals is? U behoort wat ons sê na te gaan – en ook alle ander predikers – deur u Bybel te lees! Toe Jesus tot die Vader gebid het, sê Hy: “Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid” (Johannes 17:17). God se Woord, die Bybel, is waarheid! Baie mense aanvaar onbedagsaam dat hul predikant of priester uit die Bybel preek. Baie van die leerstellings wat “as vanselfsprekend aanvaar word”, kom egter nie uit die Bybel nie! U behoort aan uself te bewys wat die Bybel sê. Onthou: “Beproef (NV sê “toets”) alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21).

U hoef nie mislei te wees nie. Jesus Self het die profetiese tendense en tekens gegee wat Sy wederkoms vooraf sal gaan. U behoort te weet wat hulle is. Een van die tekens wat Christus se wederkoms sal voorafgaan, sal die opkoms wees van 'n magtige valse godsdiens met onmeetbare invloed. U kan lees van hierdie stelsel wat Openbaring 17 bestempel as “die groot hoer”. Die vals profeet van wie die apostel Paulus skryf, sal daardie stelsel lei. U kan van die “mens van sonde” lees in 2 Thessalonicense 2:3. Vir meer besonderhede oor hierdie profeties-belangrike saak kan u ons Streekskantoor die naaste aan u, soos gelys op bl. 2 van hierdie tydskrif, kontak om u gratis kopie van ons boekie, *Wie of Wat is die Antichris?* aan te vra.

Nog 'n spesifieke teken wat Jesus ons beveel om voor uit te kyk, is 'n toekomstige ontheiliging van die heilige plek in Jerusalem. Jesus het gesê: “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug” (Mattheüs 24:15-16). Let op dat hierdie groot vals profeet, die mens van sonde, God se tempel sal ontheilig. Hierdie “gruwel van die verwoesting” is een van die tekens wat Jesus gesê het Sy wederkoms sal voorafgaan.

Watter ander tekens sal Christus se wederkoms voorafgaan? Jesus waarsku ons in Mattheüs 24:7 dat daar “aardbewings op verskillende plekke” sal wees. Hoe kragtig kan aardbewings wees? Die historiese Mississippi-vallei aardbewing naby Nieu Madrid,

Missouri, op 16 Desember 1811, het in werklikheid die vloei van die Mississippirivier omgedraai! Die Tangshan skudding in China, gedurende Julie 1976, het soveel as 779,000 mense gedood. Vroeër, op 12 Januarie 2010, het 'n kragtige aardbewing wat 7.0 op die Richterskaal gemeet het, meer as 220,000 mense gedood, meer as 300,000 beseer en baie miljoene mense in Haïti haweloos gelaat. So moeilik as wat dit is om mens dit in te dink, openbaar die Skrif dat daar in die toekoms selfs nog erger aardbewings sal wees – dit sal selfs in streke plaasvind waar dit nog nie voorheen voorgekom het nie.

Die boek Openbaring maak melding van verskeie kragtige aardbewings. Na twee-en-'n-half jaar van die Groot Verdrukking waarvan Jesus in die Olyfbergprofesie praat, sal die hemelse tekens – die sesde seël van Openbaring – die Dag van die Here inlui. Kyk wat gebeur: "En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed" (Openbaring 6:12).

Hierdie aardbewing, tesame met die astronomiese [hemelse] tekens, lui die Dag van die Here in – die jaar wat Christus se wederkoms voorafgaan. "En die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Openbaring 6:13-17). Ja, die aarde sal in 'n beroering wees gedurende die Dag van die Here wat hier beskryf word as "die groot dag van Sy toorn". Dit sal die tyd van God se oordeel oor die nasies wees.

**God se waarskuwing**

Let op wat God sê sal gebeur met die aarde en die hemele. Die skrywer van Hebreërs leer ons: "Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek. Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. En hierdie woord: nog een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly. Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur" (Hebreërs 12:25-29).

Ons Vader in die hemel wil net die beste vir elkeen van ons hê. Hy gee aan die vleeslike mensdom 6,000 jaar – en aan elkeen van ons afsonderlik 'n leeftyd – om te leer. Indien ons ag slaan op God se waarskuwings, kan ons die aaklige oordele vryspring, dit wat nog oor ons Westerse nasies en uiteindelik die ganse wêreld, gevel gaan word.

Nog 'n tendens waarteen die Bybel waarsku, is droogte. Wêreldtemperature verskuif op dramatiese wyses. Die ergste droogte in 100 jaar het onlangs in Australië ten einde geloop en sommige kundiges voorspel 'n voortsetting van herhaalde droogtes oor die volgende 20 tot 30 jaar. "Droogte kan hierdie land twee maal so dikwels as nou tref, oor 'n area twee maal so groot en dit mag strawwer wees in sleutel landbouproduksiegebiede", volgens 'n verslag wat uitgereik is deur die Australiese Buro vir Meteorologie en die Statebond se Wetenskaplike en Navorsingorganisasie.

"Is water die nuwe olie?" vra skrywer Juliette Jowit. Sy wys daarop dat 1.4 miljard mense nou in gebiede leef wat "onderworpe is aan waternood". Die voorspelling is dat die aanvraag na water teen 2030 met 50% sal styg. Dit is ook nie net 'n "Derde Wêreld" probleem nie. Juliette Jowit herinner ons

*Vervolg op bladsy 15*

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** “Waar kom u aan die idee dat die mensdom 6,000 jaar van selfregering gegee is, om gevolg te word deur 'n 1,000 jaar heerskappy deur Jesus Christus?”

**ANTWOORD:** Die eerste twee hoofstukke van Genesis toon dat God die aarde in 'n tydperk van ses dae herskep en die voorsate van alle huidige lewe geskape het. Hy het toe op die sewende dag, Sabbat, gerus. So het 'n weeklikse siklus begin waarin die mens vir ses dae moes werk en op die Sabbat moes rus (Eksodus 20:9-11). In Hebreërs 4:3-11 verduidelik die apostel Paulus: Die sewende-dag Sabbat beeld die wonderlike tydperk van vrede en rus uit, wat op hierdie huidige tydperk van menslike aktiwiteite sal volg. God het die apostel Johannes geïnspireer om te skryf dat hierdie toekomstige tydperk, wat sal begin met Christus se wederkoms om Sy Koninkryk te vestig, 'n duisend jaar sal duur (Openbaring 20:1-4) – 'n tydperk dikwels eenvoudig, die Millennium, genoem.

Net soos die sewende dag 'n duisendjarige tydperk in God se plan verteenwoordig, volg dit dat die voorafgaande ses dae van die week ook duisendjarige tydperke verteenwoordig. Die apostel Petrus lig hierdie beginsel uit wanneer hy die verwagting van Christus se wederkoms bespreek: “Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag” (2 Petrus 3:8).

Hierdie begrip was welbekend aan die Jode in Petrus se tyd. Omtrent 200 jaar voor Christus, het Rabbi Elias geskryf: “Die wêreld het ses duisend jaar verduur: Twee duisend voor die wet, twee duisend onder die wet en twee duisend onder die Messias”. Die befaamde historikus, Edward Gibbon skryf dat “die tradisie toegeskryf was aan die profeet Elia” (*Decline and Fall of the Roman Empire*, bl. 403). Die Ensiklopedie van die Joodse Geloof (“*Millennium”, Adama Books*, 1986, bl. 263), vermeld dat die *tannaim* – rabbi's van Christus se tyd – hierdie vertolking baseer op Psalm 90, wat deur Moses geskryf is: “Want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verbyskiet, en *soos* 'n nagwaak” (vers 4). Die *tannaim* het gesê dat net soos daar ses dae in die skepping was, sal die wêreld vir ses duisend jaar voortduur. Die sewende “wêrelddag” sal 1,000 jaar van die Messias se heerskappy wees (*Sanhedrin 97a; Avodah Zarah 9a*).

Volgens Gibbon was die 7,000 jaar plan van God “deeglik ingeskerp” in die vroeëre Kerk. Die “kerkvader” Irenaeus was opgelei deur Policarp, ('n dissipel van die apostel Johannes). Irenaeus het ongelukkig afgewyk van apostoliese leerstellings, maar hy het blykbaar 'n deel van die Waarheid behou. In *Against Heresies* (ca. 150 n.C.) praat hy van 'n oortuiging van die vroeëre Kerk: “Dit is 'n relaas van die dinge wat voorheen geskape is, net soos dit ook 'n profesie is van die dinge wat moet kom. Want die Dag van die Here is 'n duisend jaar; en in ses dae is die dinge van die skepping voltooi; dit is derhalwe duidelik dat hulle tot 'n einde sal kom na ses duisend jaar”.

Om verder die algemeenheid van die oortuiging dat die Millennium 6,000 jaar na die skepping van Adam sal begin te illustreer, sal ons baie meer geskrifte van vroeë rabbi's en “kerkvaders” ondersoek: Rabbi Ketina, Lactantius, Victorinus, Hippotylus, Justin die Martelaar en Methodius, onder andere. Hoewel daar nie altyd op hierdie mans gesteun kan word vir Bybelse waarhede nie, bevestig hulle nietemin hoe wydverspreid hierdie begrip in die vroeëre eeue na Christus se dood was. Dit was eintlik die gerespekteerde siening van die meeste belydende Christengeleerdes deur al die eeue heen, tot vandag toe.

As 'n laaste Skriftuurlike bewys: God het aan Adam gesê dat op die “dag” as hy van die verbode vrug eet, hy sekerlik sal sterf (Genesis 2:17). Nogtans het Adam geleef totdat hy 930 jaar oud was (Genesis 5:5)! Hoe is dit moontlik? Een manier is net soos Methodius en ander vroeëre kerkkommentators verduidelik: Aangesien een dag vir God soos 'n duisend jaar is, moes Adam sterf voor die einde van die eerste duisendjarige dag – en hy het.

Wat is die doel van hierdie 6,000 jaar van menslike selfregering? God laat mense nou toe om, deur middel van menslike lyding wat volg wanneer hulle teen God draai, die lesse te skryf wat hulle noodwendig moet leer. Gedurende die Millennium sal mense vir 'n duisend jaar lank in staat wees om die vrede en eensgesindheid wat sal heers wanneer volgens God se lewensweg geleef word, te kan opweeg teen die voorafgaande 6,000 jaar van oorloë en struweling. Uiteindelik, tydens die tyd van die *Groot Wit Troon Oordeel* (Openbaring 20:11-13) sal alle mense wat nie voorheen deur God geroep is nie, in staat wees om die verskil te ondervind tussen hoe dit is om volgens die mens se manier te leef en om volgens God se manier te leef. Om meer oor God se plan vir die mensdom te leer, vra asseblief u gratis kopie van ons boekie, *The World Ahead: What Will It Be Like?*, aan. WvM

# Profesie neem

## Oseane in die moeilikheid!

Die God van die Bybel het lank gelede reeds gewaarsku dat *menslike veronagsaming* van die natuurlike wette wat die aarde se ekosisteme beheer, katastrofiese beskadiging op 'n wêreldwye skaal tot gevolg sal hê. Daardie antieke profesieë *neem* tans *gestalte aan* in wetenskaplike bevindings en nuusberigte! Ons behoort bewus te wees van wat in die oseane van die wêreld aangaan en wat lank gelede deur antieke Bybelse profesieë voorspel is – wat die toekoms inhou.

**Sterftes in die oseane**

Wetenskaplikes wat oor die laaste aantal dekades die toestand van die wêreld se oseane monitor, het 'n aantal onrusbarende neigings wat *steeds vererger* gedokumenteer. Koraalriwwe wat eilande omring, die kontinente van die wêreld omsoom en wat 'n tuiste bied vir 'n kwart van alle soutwater vissoorte, toon toenemende tekens van *wydverspreide beskadiging*. Studies dui aan dat 20% van die wêreld se koraalriwwe reeds vernietig is, dat nog 25% op die punt staan om ineen te stort, en dat 70% vernietig kan wees teen 2050, indien die huidige tendens voortduur. Riwwe wat die ernstigste bedreig word, word gevind aan die kuslyne van nasies wat aan die Rooi See en die Indiese Oseaan grens en in die Australasiese omgewing van die wêreld. Faktore soos besoedelende stowwe, sediment van erosie, seewierbloeisels, oordrewe visvang, stygende watertemperature en die versuring van die oseane veroorsaak deur koolstofdioksied – wat alles verband hou met toename in kusbevolkings – vernietig koraalriwwe *regoor die wêreld*!

Seebioloë het ook onrusbarende data saamgestel oor die omvang van oordrewe visvang en die vernietigende gevolge daarvan op visbevolkings. Oordrewe visvang kom neer op die oes van meer vis uit die oseane as wat vervang kan word deur natuurlike aanwas. Dit word beskou as "die grootste enkele hedendaagse bedreiging vir mariene-ekosisteme" volgens die omgewingsorganisasie "*Greenpeace*". Studies toon dat 70% van die wêreld se visvoorraad nou oorontgin word of afneem. Wetenskaplikes skat dat 90% van die voorraad groot voedselvisse uitgeput is en nie meer kommersieel beskikbaar is vir vissermanne nie. Baie visindustrieë – kabeljou-vangste in Newfoundland, tongvis in die Ierse See, ansjovis aan die kus van Peru en grootbekke in die Karibiese Eilande – het *ineengestort* of word ernstig bedreig as gevolg van ongereguleerde oordrewe visvang. Nie alleen gaan belangrike soorte vis verlore as 'n voedselbron nie, duisende werkgeleenthede verdwyn ook! Geïndustrialiseerde visvang metodes, wat groot getalle vis oes, het in onlangse dekades baie gebiede vir visvang uitgedun. Bekommerde bioloë het gewaarsku dat huidige praktyke *nie kan voortgaan* nie en tensy werklike veranderings gemaak word, ons "die ineenstorting van al die wêreld se visserye teen 2048" sal sien (*Scientific America*, 2 November 2006). Dit sal die hoofbron van diere-proteïne vir omtrent 'n miljard mense elimineer!

Nou vir 'n ander verslag – van 'n "krisis in die voedselketting in die wêreld se oseane" (*Spiegel Online*, 29 Julie 2010). Kanadese wetenskaplikes het bevind dat "die voorraad plantaardige plankton sedert 1950 met 40% afgeneem het" – op 'n wêreldwye skaal. Een mariene-wetenskaplike sê: "'n Afname van 40% in 60 jaar, wat *so ernstig* is dat dit amper *ongelooflik* is" (*ibid*.). Plantaardige plankton is klein mikroskopiese organismes wat die eerste skakel is in die see se voedselketting. Indien die oseane se totale produktiwiteit afneem, sal die aantal vis ook afneem! Dit lyk asof die oseane se stygende oppervlaktemperature 'n faktor is in die afsterwe van hierdie noodsaaklike organismes. Plantaardige plankton dra ook by tot ongeveer een helfte van al die suurstof wat deur plante vrygestel word en dit absorbeer atmosferiese koolstofdioksied wat hitte kan vasvang. Die afname in plantaardige plankton kan nie net lei tot 'n afname in die aantal vis wat die oseane kan produseer nie, dit mag wêreldwye temperature laat *styg* (*Nature*, 29 Julie 2010).

**Antieke profetiese waarskuwings**

Presies wat het hierdie verontrustende veranderinge

# gestalte aan

egter in die wêreld se oseane te doen met Bybelprofesieë? Lank gelede het die God van die Bybel 'n grondliggende begrip geopenbaar: Gehoorsaamheid aan Sy wette bring seëninge mee, maar ignorering of oortreding van daardie wette sal vloeke meebring (Levitikus 26; Deuteronomium 28). Mariene-ekosisteme werk volgens grondliggende beginsels wat verstaan en gerespekteer moet word om dit in 'n goeie toestand te hou. Die hedendaagse oorbenutting van seewaterbronne – tesame met die skadelike gevolge van mens-gegenereerde besoedelende stowwe (soos vroeër verlede jaar gesien is in die *BP Deepwater Horizon* oliestorting in die Golf van Mexiko) – werk mee om die natuurlike funksie van oseane se ekosisteme te ontwrig en te vernietig, met ernstige implikasies vir menslike bevolkings!

Die profeet Jesaja het die wêreldwye gevolge van hierdie menslike selfsugtigheid voorspel. “Die aarde treur ... die aarde is *ontheilig* onder sy bewoners; want hulle het die *wette oortree* ... Daarom verteer die vloek die aarde” (Jesaja 24:4-6). Die profeet Hosea praat van 'n soortgelyke situasie: “Daarom treur die land, en alles wat daarop woon, kwyn weg: die wilde diere van die veld en die voëls van die hemel, ja, *ook die visse van die see kom om*” (Hosea 4:1-3). Wat is die oorsaak? “My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het ... omdat jy *die wet van jou God vergeet het*” (Hosea 4:6). Die apostel Johannes openbaar dat God die uitbuiting en vernietiging van Sy skepping nie ligtelik beskou nie. Met Jesus Christus se wederkoms na hierdie aarde sal een van die eerste dinge wat Hy sal doen, wees “*om die verderwers van die aarde te verderf*” (Openbaring 11:15-18).

Hoekom dring die Bybel egter aan op sulke streng strawwe vir die uitbuiting en besoedeling van die aarde en sy hulpbronne? Die Skrif openbaar dat God die mens heerskappy gegee het oor die aarde se lewende wesens, insluitend “die visse van die see” (Genesis 1:28). Die mens is aangesê om dit saam met die lewende wesens daarop, “te bewerk en te bewaak” *soos wyse opsigters van God se skepping* (Genesis 2:15). Deur die uitbuiting van die aarde en sy skepsele vir kommersiële gewin, en die planeet en sy ekosisteme te besoedel deur mens-gegenereerde besoedelende stowwe, is die mensdom eerder besig om die omgewing en die hulpbronne wat God geskep het om menslike lewe te onderhou, sistematies te vernietig – *in direkte verontagsaming* van ons Godgegewe verantwoordelikheid om die aarde te versorg.

Die alwyse God van die Bybel het die aarde en sy ekosisteme ontwerp om volgens natuurlike wette te funksioneer (Spreuke 3:19-20). Wanneer daardie wette geskend word, sal daar gevolge wees. Die Skrif openbaar dat God sal toelaat dat hierdie *toenemende wêreldwye gevolge,* aan mense belangrike lesse leer. God het Hosea geïnspireer om te waarsku: “Ek sal by hom besoeking doen oor sy weë en hom vergeld na sy dade” (Hosea 4:9). Jeremia het soortgelyke profetiese waarskuwings geboekstaaf: “Het jou verlating van die HERE jou God in die tyd toe Hy jou op die pad gelei het, jou dit nie berokken nie? ... *Jou eie boosheid sal jou tugtig*, en jou afkerighede sal jou straf” (Jeremia 2:17-19).

Alhoewel God mense sal toelaat om die gevolge van hulle onbeteulde ontginning en besoedeling van die oseane te maai, het Hy ook 'n plan vir die *herstel* van die aarde en sy hulpbronne (Handelinge 3:19-21). Bybelseprofesieë onthul dat wanneer Jesus Christus na die aarde terugkeer om die Koninkryk van God te vestig, die woestyne van die wêreld sal “bloei soos 'n narsing” (Jesaja 35:1), die besoedelde waters van die oseane sal gesond word (Esegiël 47:8) en “die rykdom van die see gaan na jou toe” (Jesaja 60:5). Sommige van hierdie herstellende veranderings sal plaasvind deur God se bonatuurlike ingryping, terwyl ander sal volg wanneer mense in die Millennium sal leer om die aarde te bestuur volgens God se wette wat ontwerp is om die ekosisteme in staat te stel om lewe op hierdie planeet te ondersteun (Jesaja 2:2-4). Om meer te leer oor hoe die aarde herstel gaan word, bestel gerus ons gratis boekie: *The World Ahead: What Will It Be Like?*

***—Douglas S. Winnail***

*Vervolg vanaf bladsy 12 – Sal Islam Europa verander?*

na Islamitiese wette. Ahmadinejad, 'n Shi'ite Moslem van Persiese oorsprong, sal nie maklik die oorgrote meerderheid Moslems wat die Sunni tak van Islam aanhang en 'n Arabiese voorgeslag deel, saamsnoer nie. Die waarskuwing wat Ahmadinejad gerig het, is werklik en voorspel 'n groeiende neiging tot Moslemse eenheid wat, volgens die Skrif, sal lei tot 'n eindtydse konfederasie van nasies.

Die profeet Daniël voorspel dat 'n konflik sal opvlam net voor die wederkoms van die Messias. In hoofstuk 11 van Daniël begin die profeet die geskiedenis vertel van antieke leiers wat geveg het om beheer oor die gebied rondom Jerusalem. Konings van die noorde het geveg teen konings van die suide. Dan, vanaf vers 40 en verder, beklemtoon Daniël se profesie "die tyd van die einde" – ons onmiddellike toekoms – waar 'n heerser suid van Jerusalem, sal opkom en magtig word. *Hy sal 'n noordelike moondheid aanval of "met hom in botsing kom". Bybelse profesie toon dat dit 'n Europese moondheid sal wees – die opvolger van die Romeinse Ryk.*

Miljoene Europeërs is nou bevrees dat Islam hul nasies van binne af sal verander. Soos ons egter gesien het, openbaar Bybelse profesieë dat dit Islam se rol is om Europa van buite af te verander – om dit saam te snoer sodat dit 'n profetiese rol kan vervul in die eindtydse gebeure wat sal lei tot die Messias, Jesus Christus, se wederkoms. Hou aan om *Die Wêreld van Môre* te lees, terwyl ons toekyk hoe hierdie verwikkelinge ontvou. *Die Wêreld van Môre* verduidelik dit alles in die lig van Bybelse profesieë (Mattheüs 24:42). WvM

*Vervolg vanaf bladsy 15 – Tekens van Christus se wederkoms*

slegs 268 geen oorlog beleef nie" (bl. 81). In ons moderne tyd is daar egter 'n verskil – slegs in die laaste 70 jaar of so beskik mense oor die tegnologie, deur kern, chemiese en biologiese wapens, om alle lewe op die planeet Aarde uit te wis. Wanneer u die beskrywings van die eindtydse oorloë in die boek van Openbaring lees, besef u dat aan die einde van die tydvak, oorloë nie slegs streke raak nie; dit sluit die hele aardbol in.

Ja, daar was nog altyd spotters, maar **nou** is die tyd om wakker te skrik en aandag te gee aan wat rondom u in die wêreld gebeur. God het met die profeet Esegiël gepraat oor die skeptici en spotters: "Mensekind, wat is dit vir 'n spreekwoord wat julle het in die land van Israel, naamlik: Die dae gaan voort, en van al die gesigte kom niks nie" (Esegiël 12:22). Wat het God te sê oor die mens se skeptisisme? "Daarom, sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Ek maak 'n einde aan hierdie spreekwoord, sodat hulle dit nie meer as spreekwoord in Israel sal gebruik nie. Maar sê vir hulle: Die dae is naby, en die woord van elke gesig" (vers 23).

Die tyd is op hande wanneer God selfs nog meer as ooit tevore, dramaties sal ingryp. Wetenskaplikes, staatsmanne en wêreldleiers het ons gewaarsku aangaande die baie gevare wat alle lewe op ons planeet kan beëindig. Daardie waarskuwings is nie afkomstig van godsdienstige mense nie, maar van kundiges wat bekend is met die realiteite van ons moderne wapens van massa-vernietiging en die geskiedenis van menslike natuur. Die heel belangrikste waarskuwing kom egter van die Redder van die wêreld, Jesus Christus. Hy sê: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheüs 24:21-22).

Dank God dat daardie dae verkort sal word. Jesus Christus sal weer kom om die mensdom van selfvernietiging te red. Hy sal die Koninkryk van God op aarde inlui. Alle nasies sal uiteindelik die ware weg na blywende vrede, voorspoed en versoening leer. Jesus sê aan ons: "Waak dan en bid altyddeur" (Lukas 21:36). Mag ons almal geestelik paraat wees vir die tekens van Jesus Christus se wederkoms. Dan kan ons met vertroue, hoop en geloof uitsien na Sy koms. Dank God dat Sy Koninkryk aan die kom is. Dank God dat Jesus Christus spoedig weer sal kom om ons te red! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

Kerk is "'n pilaar en grondslag van die waarheid" (1 Timotheüs 3:15). Ons by die *Wêreld van Môre* is vasbeslote om aan die Waarheid vas te kleef – om nie deel te hê aan die afwatering daarvan nie. Ons, saam met ons getroue ondersteuners, is op 'n **kruistog** om daardie Waarheid aan al die nasies van die wêreld te verkondig (Mattheüs 28:18-20).

In hierdie kruistog is ons in 'n sekere sin "Christelike krygsmanne". Die apostel Paulus het gesê: "Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus. Niemand wat 'n krygsman is, wikkel hom in die werksaamhede van die lewensonderhoud nie, sodat hy die een kan behaag wat hom vir die diens gewerf het" (2 Timotheüs 2:3-4).

Alhoewel "Christelike krygsmanne" nie veg met die wapens van hierdie wêreld nie, kan ons baie lesse leer van uitstaande wêreldse krygsmanne wat oor groot vermoëns en goeie karakter beskik het, in soverre hulle begrip gehad het. Een van die uitnemendste van hierdie krygsmanne in hedendaagse tye was Generaal Douglas MacArthur. Indien u baie van Amerikaanse geskiedenis weet, dan weet u dat Generaal MacArthur 'n uitstaande patriot en leier was – omdat hy 'n man was wat werklik vir iets gestaan het.

Na aan die einde van sy roemryke loopbaan het hy vir die laaste keer na West Point Militêre Akademie teruggekeer en 'n toespraak gelewer wat nog steeds beskou word as een van die beste toesprake van die 20ste eeu. Nadat hy grootliks vereer is by West Point, het Generaal MacArthur die Kadettekorps en baie hoogwaardigheidsbekleërs wat teenwoordig was, toegespreek:

"Geen mens kan anders as om diep geraak te wees deur so 'n huldeblyk soos hierdie, wat kom van 'n professie wat ek so lank gedien en van mense wat ek so lief gehad het nie. Dit vul my met 'n emosie wat ek nie kan beskryf nie. Hierdie toekenning is egter nie hoofsaaklik bedoel vir 'n indiwidu nie, maar om 'n groot morele kode te simboliseer – die kode van gedrag en ridderlikheid van diegene wat hierdie geliefde land van beskawing en antieke afkoms beskerm.

"Plig, eer, vaderland – hierdie drie gewyde woorde dikteer eerbiediglik wat u wil wees, wat u kan wees, wat u sal wees. Die drie gewyde woorde is die beginpunt om moed te skep wanneer dit lyk asof moed verflou, waar geloof herwin word wanneer dit lyk of daar min rede vir geloof is, waar hoop geskep word wanneer hoop verval in wanhoop ... Hierdie is egter slegs 'n paar van die dinge wat hierdie woorde bou. Hulle bou u basiese karakter. Hulle vorm u vir u toekomstige rol as die bewakers van die nasie se verdediging. Hulle maak u sterk genoeg om te weet wanneer u swak is, en dapper genoeg om uself in die oë te kyk wanneer u bang is ... ".

Later sluit Generaal MacArthur sy historiese toespraak af: "Die skadu's word vir my al langer. Die skemering is hier. My dae van die verlede het verdwyn – kleure en skakerings. Hulle gaan flikkerend deur die drome van dinge van weleer. Hulle herinnering is een van wonderlike skoonheid, natgemaak deur trane en gevlei en geliefkoos deur die glimlagte van gister. Dan luister ek, maar met verlange, na die betowerende melodie van beuels wat die wekroep in die verte blaas en die veraf gedreun van tromme. In my drome hoor ek weer die geratel van kanonne, die gerammel van geweervuur, die vreemde, droewige geluide van die slagveld. In die aandskemering van my herinnering kom ek egter weer terug na West Point. Altyddeur weerklink dit: Plig, eer, vaderland. Vandag is my laaste presensie met julle. Ek wil tog hê dat julle moet weet dat wanneer ek die rivier oorsteek, my laaste bewuste gedagtes sal wees aan die korps, die korps en die korps. Ek roep julle vaarwel".

Natuurlik is ware Christene, anders as Generaal MacArthur en die West Point kadette, betrokke in 'n **geestelike** oorlog. Nieteenstaande is dit egter **oorlog**! Baie van ons by die *Wêreld van Môre* is – soos Generaal MacArthur op sy dag – "oudstryders!" Ons het baie slagvelde van geestelike bloed en slagting gesien. Ons het Satan se vernietigende aanvalle gesien en weerstaan – op onsself, op ons vriende en op

God se Werk – oor en oor.

Ons weet en verstaan dit grondig: "... ons burgerskap is in die hemele" (Filippense 3:20). Dit – nie Amerika of Brittanje of enige ander fisiese nasie nie – is die "vaderland" waarvoor ons veg! Ons weet dat ons oorlogvoering nie deel is van die "Korps" van West Point nie, maar van die Werk van die Lewende God!

Ons kan dus, in daardie lig, ons waarlik vereenselwig met Generaal MacArthur se woorde: "Plig, eer, vaderland". Met dit in gedagte, laat ons **nooit** vergeet waarom ons hier is nie. Laat ons ons hoofde hoog hou namate ons dag en nag vorentoe beur om God se Werk met ywer, toewyding, moed en opoffering te ondersteun.

Geen militêre sending was ooit so deurslaggewend nie. Geen oorlogvoering was ooit so belangrik nie. Geen beloning was nog ooit so manjifiek as die een wat ons sal ontvang as ons onsself en Satan oorwin en as ons vol ywer en getrou is in ons verkondiging van Christus se boodskap aan 'n wêreld wat regtig sy pad bystergeraak het nie.




# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**